## *HOOFSTUK SEWE*

## *DIE INVLOED VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING OP SAMELEWINGSONTPLOOIING TE CARLETONVILLE*

### *7.1 INLEIDING*

In die voorafgaande hoofstukke is kennis gemaak met die onderskeie ekonomiese sektore waarbinne die Carletonville-gemeenskap mettertyd gevestig is, ontplooi en gedy het. Hierin het die goudmynbedryf hom onderskei as die dominante faktor wat invloedryk op die vestigingspatroon, die bevolkingsprofiel en die ontvouing van die samelewingstruktuur ingewerk het. Vir 'n beskrywing van die wyse waarvolgens die ontplooiingsproses verloop het, is drie tydperke to onderskei:

### *7.2 SAMELEWINGSONTPLOOHNG GEDURENDE DIE EERSTE DEKADE NA DIE PROKLAMERING VAN CARLETONVILLE AS DORP, 1948 - 1958*

Pionierimmigrante wat sedert die veertigerjare hul heil op die goudvelde van die West-Wits-Lyn-gebied kom soek het, moes hulle aanvanklik met die barheid van die omgewingsgesteldheid versoen. Van genoegsame en behoorlike infrastrukturele dienste, sakebedrywighede sowel as sport- en ontspanningsaktiwiteite was daar weinig sprake.[1] Weliswaar was die toestand in die Blyvooruitzicht-myndorp meer gangbaar, maar nog geensins bevredigend nie.[2]

Gedurende die einde van die dekade veertig was Carletonville en Oberholzer, as die twee naaste dorpe aan die reeds gevestigde goudmynmaatskappye, in 'n aanvangsfase van ontplooiing.[3] ‘n Mynamptenaar, werksaam by die Blyvooruitzicht-myn, se herinneringe aan die vervloë dae lui soos volg: ***Across the bare veld which now comprises Carletonville and Oberholzer we enjoyed an almost uninterrupted view of Oberholzer station, the plantations which are still there were the interruption. Behind the station all the hamlet boasted was a post office, West Wits field camp, a cheese factory, the "Orangia hotel", a high sounding title, but merely a boarding house. There were also a***

---

[1] Ter voorbeeld kyk ***Hoofstukke Vier****,* pp.128-130 en ***Vyf****,* pp.210-212.
[2] Kyk ***Hoofstuk Vier****,* pp.126-130.

[3] Kyk **Hoofstuk Twee**, p.22.

***few small and sparsely stocked shops.***[4] Dat die besighede waarna verwys word klein was, kan sekerlik nie betwis word nie. Dit wil egter volgens die statistiese gegewens in tabel 9, p.210e[5] voorkom asof dit nie so min was nie. Hoe dit ook al sy, hierdie waarneming bevestig dat 'n samelewing teen 1948 in die Carletonville-gebied aan die ontwikkel was.

Die meeste bewoners in Carletonville gedurende die wordingsjare van die gebied, en wat volgens die 1951-sensus sowat 5 388 getel het, was aan die plaaslike mynbousektor verbonde.[6] Namate nog goudmynmaatskappye hulle gevestig het, het die getal blankes en swart mense in die gebied toegeneem. [7] Die samelewingskarakter was dus van meet of aan eie aan 'n tipiese myngemeenskap. Ongeag die aard van die bevolkingsprofiel, het dit geensins afbreuk aan die proses van ontwikkeling van 'n potpourri plaaslike strukture vir hierdie verstedelikte gemeenskap gedoen nie.

### *7.2.1 Kerkgenootskappe*

Die behoefte aan die vestiging van kerkgenootskappe is van die eerste sake wat aandag van die nuwe gemeenskap ontvang het. Aanvanklik het die Afrikaanstalige kerkgenootskappe in die dorpe Fochville, Potchefstroom en Krugersdorp, sowel as rondreisende Engelse predikante, aan hierdie behoefte van die Carletonville-gemeenskap voldoen. Gestimuleer egter deur die teenwoordigheid van die goudmynbedryf, en die talle nuwe intrekkers in Carletonville en ander buurdorpe, was dit reeds voor 1948 vir kerkgenootskappe nodig om aandag aan hulle toekomstige teenwoordigheid ter plaatse te skenk.[8]

Die eerste kerkgenootskap wat 'n volwaardige gemeente in die gebied gevorm het, is vanuit die geledere van die drie Afrikaanse susterskerke, naamlik die Nederduitsch Hervormde

---

[4] **Blyvoor Nuus/News**, 30.11.1956, p.1.
[5] Kyk **Hoofstuk Vyf**, p.210e.

[6] Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, verslag no. 02-05-12, ***Bevolking van Suid-Afrika, 1904-1970***, 1970, p.55.
[7] Later in die hoofstuk word die ekonornies bedrywige bevolking teen 1985 breedvoerig bespreek.

[8] E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die Trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948, pp.53,61,64-65,67-68.

Kerk (NHK) te Wonderfontein, en wel in 1946.[9] Hierna het die vestiging van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) Carletonville in 1948 gevolg, en in 1951 is nog 'n NGK, op Blyvooruitzicht-myngrond, begin.[10] Naas die aktiwiteite van hierdie twee susterskerke plaaslik het die derde, naamlik die Gereformeerde Kerk, in 1953 'n gemeente in Carletonville gestig.[11] Dit val vreemd op dat die Gereformeerde Kerk die laaste van die drie susterskerke was om met gemeentelike aktiwiteite to begin, aangesien die gebied geografies naby Potchefstroom, die hartland van die denominasie, geleë is en histories ook 'n noue verbintenis met die stigting van die kerk het. Dit kan waarskynlik verklaar word in die lig dat die Gereformeerde Kerk getalsgewys die kleinste van die drie susterskerke is. Daarbenewens het die plaaslike ekonomiese opbloei en die gepaardgaande invloei van 'n verskeidenheid kulture kerkvestigingspatrone beslis beïnvloed.

Behalwe vir die teenwoordigheid van die drie susterskerke, het Afrikaanstalige Pinkster-Kerkgenootskappe hulle ook kort na die proklamering van Carletonville in die gebied gevestig. In 1949 het die eerste Pinkster-Kerk in die omgewing die lig gesien, naamlik the Apostoliese Geloof Sending (AGS).[12] Vyf jaar later het opening van 'n Nuwe Protestante Kerk gevolg.[13]

Die feit dat die vermelde ses Afrikaanstalige kerke binne kort tydsbestek in die omgewing gevestig is, is onder meer 'n aanduiding dat Carletonville reeds vroeg in die dekade vyftig deur meer Afrikaanssprekendes as Engelssprekendes bewoon is. Aan die kerklike behoeftes van die Engelstalige element, bestaande uit veral geskoolde mynamptenare en handelaars, is aanvanklik op 'n ongereelde basis voldoen. Engelse kerkgenootskappe wat al teen 1948 die bewoners van die gebied op 'n deeltydse grondslag bedien het, is die Anglikaanse, die

---

[9] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, F.S. van Rensburg (Argivaris, NH-Kerkargief, Pretoria), 12.11.1990.

[10] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, S. van Rensburg (Argivaris, NG-Kerkargief, Pretoria), 12.11.1990.

[11] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A. Coetzee (Beampte, Gereformeerde Kerkargief, Potchefstroom), 12.11.1990.

[12] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A. Swanepoel (Pastoor, AGS-gemeente Carletonville), 12.11.1990 en Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 26.1.1%1, art. 10.

[13] West Rand Times en Wesrander, 7.8.1959, p.4.

Metodiste-, die Kerk van Nasarener en die Rooms-Katolieke Kerk.[14] Ongereelde godsdienstige aktiwiteite was vir die gesinne van die handjie vol Indiër- en Joodse sakemanne in hierdie stadium ook nie vreemd nie.[15]

Die Anglikaanse Kerk was die eerste om permanensie aan die teenwoordigheid van Engelstalige-kerkgenootskappe plaaslik to gee toe 'n kerkgebou in 1950 ingewy is.[16] Geboue vir die Carletonvillese Joodse distriksgemeente[17] en vir die Metodiste-gemeente het kort hierna gevolg.[18] 'n Veel ouer kerkgenootskap in die gebied as die reeds vermelde twee, naamlik die Rooms-Katolieke Kerk, het eers in 1956 'n eie kerkgebou ingewy. Hiermee het die kerk sy swerwery ten opsigte van etlike jare se gemeentelike bedrywighede beëindig.[19] Vir die handjievol lidmate van die Assemblies of God[20] en die St. Matthews Presbiteriaanse Kerk,[21] wat beide eers werklik in 1957 in die gebied gevestig het,[22] was 'n rondtrekkende patroon rakende gemeentebyeenkomste egter nog jare lank nodig.

Aangesien die meeste lidmate van die genoemde Engelstalige kerke in diens van die plaaslike mynbousektor gestaan het, is dit nie vreemd nie dat hierdie sektor ingestem het dat kerke wat nie oor 'n gebou beskik het nie, die ontspanningsale van die onderskeie myne vir die doel kon gebruik Vir die kerke wat wel die ontspanningsale benut het, was 'n

---

[14] Carletonville (Munisipaliteit), Local Area Committee (LAC), lêer 29/1/52, Consent use: applications for consent use under Town Planning Scheme Carletonville, 29.1.1952; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 2: brief, J.E. Brady/A.J. Prinsloo, 6.9.1989 asook Verw. 3: onderhoud, G.C. Troon/A.J. Prinsloo, 7.8.1989 en E.S. van Eeden, ***Die geskiedenis van die Gatsrand…,*** pp.67-68.
[15] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka (Sakeman, Carletonville), 8.2.1989 asook T. Waks (Sakeman, Carletonville), 15.4.1987.

[16] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 2: letter, D. Olver/A.J. Prinsloo, 27.7.1989.

[17] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: dokument, Carletonville and District Hebrew Congregation/Barclays Bank, 28.8.1951.

[18] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 15.7.1954 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: interview, J.C. Troon (Reverend, Methodist Church), 7.8.1989.

[19] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 2: letter, J.E. Brady/A.J. Prinsloo, 26.9.1989.

[20] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 16.11.1951, p.10 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: interview, H. Mills (Reverend, Assemblies of God Church), 9.5.1989.
[21] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer 00139, The Presbyterian Church of South Africa/Transvaal Presbytery, 23.2.1953 en B.J.V. Nair& (red.), ***Gedenkuitgawe: ontvangs van poskoets to Oberholzer, 9-11 Februarie 1952****,* p.6.
[22] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: interview, H. Mills, 9.5.1989 en B.J.V. Nan& (red.), ***Gedenkuitgawe: ontvangs van poskoets ...,*** p.6. Die St. Matthews Presbeteriaanse Kerk het eers in 1960 hul kerkgebou ingewy.

**Lede van die eerste komitee van die Carletonville Joodse distrikgemeente.**




Voor v.l.n.r.: J. Grolman, T. Waks, R. Beitz, H. Orelowitz.

Agter: D. Waks, J. Waks, J. Jacobson, J. Pearl.

Bron: S. Waks.

**Die Joodse sinagoge, Carletonville.**




Bron: A.J. Prinsloo, 1989.

**Kerk van die Nasarener, Welverdiend.**




Bron: S. Kirchner.

**Die Rooms-Katolieke kerk te Carletonville.**



Bron: A.J. Prinsloo.

**Metodiste-Kerk, Carletonville.**



Bron: Carletonville Herald.

langtermynbenutting nie nodig nie, aangesien die plaaslike bevolking deur die sluiting van goudmyne in die Oranje- Vrystaat, gevolg deur die instroming van mynwerkers na die West-Wits-gebied, gestimuleer is.[23] Ongeveer 15 000 blankes het teen 1956-57 in die Carletonville-gebied gewoon.[24]

Uiteraard was dit nie net Engelse gemeentes wat uit die sluiting van goudmyne elders, en dan natuurlik ook uit die gunstige plaaslike ekonomiese dryfvere wat momentum aan aktiwiteite in die Carletonville-omgewing gegee het, voordeel geput het nie. Die stigting van nog twee NG-gemeentes in 1957,[25] en 'n NH-gemeente in 1958,[26] is hiervan 'n sprekende bewys.

Nadat 'n dekade vir die kerkgenootskappe in die nuwe ekonomiese hartland verloop het, was daar soveel as 14 gemeentes in die Carletonville-gebied aanwesig, elk gemoeid met 'n eie stel aktiwiteite om daardeur 'n bydrae tot die skepping van 'n gebalanseerde gemeenskap te lewer.

### *7.2.2 Gesondheidsdienste*

Gedurende die jare voordat die goudmynbedryf die Carletonville-gebied met 'n vloedgolf van verandering plaaslik getref het, was daar van behoorlike gesondheidsdienste skaars sprake. Geneeskundige dienste wat in omliggende dorpe beskikbaar was, het ook die bewoners van die eertydse Gatsrand as kliënte gehad.[27]

Vir die drie gevestigde goudmyne in die Carletonville-omgewing was daar teen 1948 wel mediese fasiliteite op myngrond beskikbaar, maar Jan Alleman kon die geriewe nie sonder meer op 'n gereelde basis benut nie. Die mynmaatskappye het wel aan die dorpsbewoners

---

[23] R. Macnab, Gold their touchstone: Gold Fields of South Africa, 1887-1987 - a centenary story, p.200 en Carletonville Weekly Record, 28.7.1978, p.10.

[24] Republiek van Suid-Afrika, verslag no. 02-05-12, ***Bevolking van Suid-Afrika, 1904-1970****,* 1970, p.55. 'n Skatting is tussen 1951 en 1960 se sensussyfer gemaak. Kyk ***Die Transvaler****,* bylae, Die Weste, 23.10.1957, p.3.

[25] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, S. van Rensburg, 12.11.1990.

[26] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, F.S. van Rensburg, 12.11.1990.

[27] E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand ..., p.154.

vergunning gegee om mediese geriewe op myngrond met vrymoedigheid ten tyde van nood te gebruik. Hierdie fasiliteite het behels drie mediese depots en twee mynhospitale, naamlik die Blyvooruitzicht- en die Leslie Williams Memorial-hospitaal, wat onderskeidelik in 1938[28] en in 1957 opgerig is.[29] Dorpsbewoners wat nie deel van die mynwerkerskorps uitgemaak het nie, moes gedurende die jare vyftig grotendeels hul voorgangers in die gebied se handelswyse ten opsigte van mediese hulp navolg.[30] Die redelik toegeruste kommunikasienetwerk, veral spoorvervoer en paaie na ander sentra, het ten minste hierdie leemte draagliker gemaak.[31]

Die aanstelling van dr. W.P. Roux as eerste distriksgeneesheer in die Carletonville-gebied vanaf 1949, sowel as die beskikbaarheid van 'n handjievol praktisyns, was beslis vir die gemeenskap vertroostend.[32] Vanweë 'n gebrek aan behoorlike mediese fasiliteite moes dokters hul werksaamhede dikwels met moeite verrig. So byvoorbeeld moes dr. Roux sy eerste lykskouing op 'n eettafel in die agterplaas van die Oberholzer-hotel uitvoer![33] In 'n sekere sin dus was dit die einste gunstige ekonomiese milieu waarbinne Carletonville hom bevind het wat byvoorbeeld vir die gebrek aan dienste verantwoordelik was, aangesien die tempo van ekonomiese ontwikkeling vinniger was as die pas wat die daarstelling van 'n infrastruktuur kon volhou.

Infrastrukture word eers langs die weg van die provinsiale of plaaslike owerheid se finansiële vermoëns, 'n gunstige bevolkingskonsentrasie en die ligging van buurdorpe, enigsins oorweeg. Om dus onder meer geneeskundige en verwante dienste, soos 'n ambulans- en 'n brandweerdiens, te verkry, het 'n behoorlik gemotiveerde behoeftebepaling geverg dit onderwyl sake- en mynbedrywighede ongestoord voortgesit is, produksie-uitsette jaarliks gunstig toegeneem het, en so ook die plaaslike bevolkingstal.[34]

---

[28] W. Hagan-Watson, "Down memory lane. Blyvoors' first twenty years", p.10.

[29] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, S.F. Terblanche, 12.10.1989.

[30] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules: notule, 12.11.1957.

[31] Kyk ***Hoofstuk Ses***, pp.248-249,256-258.

[32] Kyk ***Hoofstuk Ses***, pp.248-249,256-258.

[33] Carletonville Herald, 15.7.1988, p.1.

[34] Ter voorbeeld hiervan kyk Carletonville (PU vir CHO), Verw. 2: brief, Direkteur-Generaal, TPA/E. S. van Eeden, 24.10.1989.

Gedurende die jare 1952 tot 1958 is vertoë vir die oprigting van bovermelde mediese dienste aan die Plaaslike Gebiedskomitee en Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) gerig. Waaksaamheidskomitees van elke dorp in die omgewing sowel as Consolidated Gold Fields, as skepper van Carletonville, het 'n bydrae hiertoe gelewer.[35] Voorlopige reëlings, tot tyd en wyl finale besluite rakende dienste geneem is, is getref. So byvoorbeeld het die bestuur van die Blyvooruitzicht-myn hom bereid verklaar om sy gevestigde brandweerdiens tot beskikking van die omliggende dorpe te benut. Daarteenoor het die plaaslike Rotary-tak aangebied om die ambulansdiens te behartig tot 'n permanente diens deur die Gebiedskomitee gefinaliseer kon word.[36] Die administrateur van Transvaal het in Februarie 1956 sy goedkeuring aan die bou van 'n hospitaal te Carletonville gegee.[37]

Carletonville was een van die vele dorpe wat in hierdie stadium graag onmiddellik van 'n hospitaal voorsien wou wees. Hulle moes hulle egter berus as synde deel te wees van 'n lang waglys,[38] en die het, lyk dit, 'n ontmoedigende en half ongeduldige reaksie ter plaatse veroorsaak. In 1957 het die Gesondheidsraad en die Plaaslike Gebiedskomitee byvoorbeeld hul vertoe om die vestiging van 'n ambulansdiens en die oprigting van 'n hospitaal herhaal.[39] Die tempo waarteen die Rotary-ambulansdiens benut is, naamlik dat tot soveel as 25 ritte per maand gedoen is, is onder meer as motivering vir hulle versoeke voorgehou.[40] Hierdie versoeke het egter nie oornag resultate opgelewer nie,[41] en teen 1958 was daar geen verdere vordering in die verband nie. Die gunstige ekonomiese klimaat het in hierdie stadium as besonderse stimulus vir die nuwe ontwikkeling gedien.

---

[35] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer L1/29/35, Fire fighting and ambulance services: brief, Consolidated Gold Fields Limited/Peri Urban Areas Health Board, 4.9.1952 asook brief, Carletonville Vigilance Association and Oberholzer Vigilance Association/Peri Urban Areas Health Board, 3.12.1952 en Minutes: minutes, 29.11.1956 asook 14.1.1958.

[36] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer LI/29/35, Fire fighting and ambulance services: brief, Consolidated Gold Fields Limited/Peri Urban Areas Health Board, 4.9.1952 asook 18.8.1955; 18.5.1956 en Minutes: minutes, 29.11.1956 asook 12.11.1957.

[37] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 2: brief, Direkteur-Generaal, TPA/E.S. van Eeden, 24.10.1989.

[38] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C. Rautenbach (Oud-inwoner en burgemeester, Carletonville), 22.3.1989.

[39] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minutes, 12.11.1957 asook 14.1.1957.

[40] Carletonville (Munisipaliteit), LAC,Minutes: minute, 12.11.1987.

[41] Kyk afdeling 7.4.1.1, p.323 van hierdie hoofstuk.

Vanweë hierdie ekonomiese groei het Carletonville in die stadium ook as die dorp met die baie babas en min bejaardes bekend geword, en het selfs spottenderwys as die ***kinderwaentjiedorp*** bekend gestaan![42] Vir plaaslike medici was hierdie tendens van bevolkingsaanwas eerder 'n kopseer, aangesien die plaaslike mediese infrastruktuur vir praktisyns te gebrekkig toegerus was dat hulle swanger vroue in bevallingstyd behoorlik kon bystaan. Dr. W.P. Roux het in Augustus 1958 die inisiatief geneem deur die Oranje-Kraaminrigting, gevestig in 'n woonhuis te Carletonville,[43] vir verwagtende moeders te begin.

Ten opsigte van die gesteldheid van mediese dienste teen 1958 in die algemeen was die onus steeds op die betrokke owerhede om strukture hiervoor in die Carletonville-omgewing te skep, aangesien dit in hierdie stadium redelik primitief daaruit gesien het.

### *7.2.3 Diensorganisasies*

In teenstelling met die tekortkominge wat met betrekking tot die voorsiening van geneeskundige fasiliteite ondervind is, het diensorganisasies byna tegelykertyd met die eerste hartklop van die plaaslike ekonomie ontstaan.

Die Blyvoor Womens Guild, bestaande uit vroue van amptenare werksaam by die Blyvooruitzicht-goudmyn, is reeds met aanvang van die dekade veertig gestig. Hierdie organisasie was van meet af aan met die insameling van geld vir uitdeling onder behoeftiges belas.[44] Die Women's Charity Committee wat in 1946 gestig is, is ook op dieselfde lees geskoei, met as lede hoofsaaklik vroue van amptenare wat aan die Wes-Driefontein-goudmyn verbonde was.[45]

---


[42] Transvaalse Argietbewaarplek (TAB), Carletonville Munisipaliteit (MCV), Band 51, leer 73/5(5), Publisiteit: berig, "Die dorp van baie babas en min bejaardes", (s.j.).

[43] ***Carletonville Herald****,* 15.6.1988, p.1 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C. Hartzer/dr. W.P. Roux, 1.11.1989.

[44] W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.14.


[45] ***Carletonville Herald****,* 19.6.1987, p.21 en W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.14.


**Die embleem van die Memorable Order of Tin Hats.**




Bron: Carletonville Herald.

**Embleme van die Sapper Shellhole.**




Bron: Carletonville Herald.

Na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog het takke van die jong landswye organisasie van oud-soldate, die Memorable Order of Tin Hats (MOTH), ook in die Carletonville-gebied neerslag gevind. Hiervan was die Dudley Wilkenson Shellhole wat in 1946 te Blyvooruitzicht gestig is die eerste,[46] en in 1947 gevolg deur die Sapper Shellhote in Carletonville-dorp.[47] As 'n liefdadigheidsorganisasie het hierdie takke dit ten doel gehad om weduwees en oorlogsveterane by te staan, sowel as om oud-soldate te verenig, om daardeur die kameraadskapsband in stand te hou. Diensorganisasies was dus teen 1948 nie net deel van die wordende gemeenskap nie, maar van hierdie dienste het ook by wyse van hul gesamentlike byeenkomste onbewustelik daartoe bygedra om wedersydse verhoudinge en vriendskapsbande onderling aan te moedig.[48]

'n Ander nasionaal geïnspireerde diensorganisasie wat sedert 1952 onder leiding van mev. K. de Beer en R. Marais in die gebied begin funksioneer het, is die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) se Oberholzer-tak te Carletonville.[49] Hierdie organisasie, wie se algemene doel is om mense in nood te help,[50] was van meet af aan met armes, diegene met geldelike en huweliksprobleme, kindermishandeling en huweliksverwaarlosing in Carletonville gemoeid. Drie voltydse maatskaplike werksters is teen 1956 aangestel om die maatskaplike problematiek in die gebied te hanteer.[51] Die voorkoms van maatskaplike probleme in hierdie gemeenskap was egter geensins uniek aan Carletonville nie, maar dit was deel van 'n algemene tendens onder soortgelyke geïndustrialiseerde gemeenskappe in Suid-Afrika.[52]

---

[46] W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.45. Die Shellhole is na Dudley Wilkenson, 'n Blyvooruitzicht-mynwerker, vemoem, aangesien by die enigste werker van hierdie myn was wat gedurende die oorlog gesneuwel het.

[47] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C.W. Wright, 11.12.1990.

[48] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C. Rautenbach, 11.12.1990.

[49] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Jaarverslae: verslae, 19.11.1952 tot 25.2.1954; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, K. de Beer, 15.10.1990 en ***Die Transvaler,*** bylae, 23.10.1957, p.3.

[50] H.D.A. du Toit, ***Olie op die wonde,*** p.123.

[51] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Jaarverslae: verslae, 22.6.1955 tot 23.6.1965.

[52] A.T. Winkler, ***Tendense in die Suid-Afrikaanse volkswelsyn beleid****, 1910-1966,* pp.1-10 en PU vir CHO, Departement Maatskaplike Werk, Gemeenskapsanalises: gemeenskapanalise van Orkney asook van Klerksdorp en Vereeniging, 1990.

**Lede en stigterslede van die SAVF-Oberholzer-tak**



Agter v.l.n.r.: mevv. Schoeman, R. Marais (stigterslid), Van Staden, Trotskie.

Voor, v.l.n.r.: mevv. Pretorius, K. de Beer (stigterslid), Nefdt.

Bron: Carletonville Herald.

Die plaaslike goudmynbedryf se verskaffing van goedkoop behuising[53] en hoë salarisse[54] aan sy werknemers het blykbaar die Carletonville-gemeenskap op tweërlei wyse beïnvloed. Eerstens het die neiging bestaan dat persone hul inkomste op luukshede en sosiale geleenthede tot voordeel van die handelaars bestee het, wat tweedens 'n traak-my-nie-agtige houding jeens spaarsin en persoonlike toekomsbeplanning aangemoedig het.[55]

Ongeag wie of wat vir die bovermelde toedrag van sake verantwoordelik was, is dit aan die betrokkenheid van die mynbousektor sedert die veertigerjare te danke dat hulp aan welsynsaangeleenthede ter plaatse geskenk is. Behalwe die welsynshulpdiens wat deur die Kamer van Mynwese in Johannesburg vir probleemgevalle voorsien is,[56] het die internasionale Rotary-organisasie in Februarie 1956 ook onder meer vir die doel 'n tak in Carletonville gestig.[57] Dit is in November deur die stigting van 'n Round Table-tak gevolg.[58] Hierdie organisasies was verder gemoeid met finansiële hulp aan die plaaslike swart mense.[59]

Teen 1958 was die SAVF, die Rotary, die Lions en die MOTH sowel as die twee vroueorganisasies vanuit myngeledere die vernaamste diensliggame in die

---

[53] A.T. Winkler, ***Tendense in die Suid·Afrikaanse volkswelsyn beleid**, 1910·1966,* pp.1-10 en PU vir CHO, Departement Maatskaplike Werk, Gemeenskapsanalises: gemeenskapanalise van Orkney asook van Klerksdorp en Vereeniging, 1990.

[54] A.T. Winkler, ***Tendense in die Suid·Afrikaanse volkswelsyn beleid**, 1910·1966,* pp.1-10 en PU vir CHO, Departement Maatskaplike Werk, Gemeenskapsanalises: gemeenskapanalise van Orkney asook van Klerksdorp en Vereeniging, 1990.

[55] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, E.J. Nefdt (Bestuurslid, SAVF-Oberholzer-tak), 4.9.1990.

[56] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, F.J. Cronje (Hoof, Barbara-Sentrum vir persoonsontwikkeling, Carletonville), 15.10.1990

[57] Die Rotary is 'n intemasionale organisasie van manlike sake- en beroepslui wat onder andere hulpverlening, liefdadigheid en diens aan die gemeenskap of godsdienstige oortuiging as doel het. Die organisasie is in 1905 in Amerika gestig. Kyk D. Kempff, ***Rotary**,* pp.3,6; ***Carletonville Herald**,* 25.3.1977, p.1 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, T. de Koker/J. Grolman, 12.12.1990.

[58] Die Round Table is 'n intemasionale diensorganisasie vir manlike sakepersone onder 40 jaar wat gemeenskapsdiens lewer en geld vir liefdadigheid insamel. Kyk H. Barty-King, ***Round Table. The search for fellowship**,* p.12; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, T. de Koker/N. Peck, 3.9.1990 en ***Carletonville Herald**,* 17.10.1980.

[59] ***Carletonville Herald**,* 17.10.1980, p.1 asook 6.7.1984, p.1 en 4.10.1984, p.2.


**‘n Fondsinsamelingsaksie van die:**

*** Round Table-tak (Supper Show, 31.10.1980)**



Bron: Carletonville Herald.

*** Rotary-tak (Rotary-bal, 1968)**




Bron: Antonica’s Foto’s.

Carletonvillegebied. Laasgenoemde twee was aan die inisiatief van onderskeidelik die mynbou- en die sakesektor te danke. Alhoewel kerke ook gemeenskapsdiens as deel van hulle taak beskou, wil dit voorkom of die vermelde 14 gemeentes in die Carletonville-omgewing in hierdie stadium nog grotendeels gefokus het op hul, vestiging, gemeente-ontplooiing, en sendingwerk ter plaatse.

### *7.2.4 Onderwysfasiliteite brei uit*

Tegelykertyd met 'n bemoeienis insake die vestiging van diensorganisasies, mediese dienste en kerke sedert die veertigerjare, het die ekonomiese welvaart van Carletonville ook invloedryk op die vestiging van onderwysfasiliteite ingewerk.

As gevolg van die invloei van mynwerkers, handelaars asook ander sakelui na myne en dorpe in die Carletonville-gebied sedert 1937, was dit nodig om die bestaande onderwysgeriewe by die veranderde omstandighede aan te pas. Hoewel etlike plaasskole gedurende die veertigerjare in die Carletonville-gebied bestaan het, is die behoefte aan meer sentrale skole nader aan die myne onder die aandag van die Transvaalse Onderwysdepartement gebring. As uitvloeisel hiervan het die Blyvooruitzicht Goewerment Skool in 1942 in die ontspanningsaal van die Blyvooruitzicht-myn begin, terwyl die bestaande Wonderfontein Skool in 1946 na Carletonville-dorp verskuif het.[60] Dit wil voorkom asof die Welverdiend Skool te Welverdiend gunstig genoeg geleë was vir die mynwerkers van die Doornfontein-myn, aangesien geen skool op myngrond begin is nie.[61]

Soos in die geval met die kerke het die dominante aanwas van die Afrikaanstalige bevolking binne die werkkring van die goudmyne eerste die vestiging van permanente Afrikaansmediumskole gestimuleer. Dit is naamlik die primêre skole Wonderfontein (1948) en Carletonville (1950).[62] Hierdie skole het mettertyd die karakter van dubbelmediumskole aangeneem tot tyd en wyl volwaardige Engelsmediumskole gestig is.[63]

---

[60] E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand…, pp.86-90 en M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing na 1948: ‘n historiese perspektief, p.27.

[61] E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand…, p.87.

[62] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…, pp.59,100.
[63] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing ..., p.84.

Die stigting van skole, hetsy Afrikaans- en/of Engelsmedium, het met aanvang van die dekade vyftig hernude aandag van die Consolidated Gold Fields-Groep ontvang. As redes vir die oprigting van nog skole het die groep in 'n memorandum die volgende gegewens verstrek: ***The Far West Rand is one of the most rapidly developing areas in the Transvaal and it is essential that schooling facilities there should keep pace with the growth of the population. The townships of ... Blybank, Carletonville, Oberholzer and Welverdiend and the residential area of Blyvooruitzicht Gold Mining Company Limited can look forward to considerable influxes of population during the next ten years, the greatest influx being expected at Carletonville.*** By wyse van die memorandum is aanbeveel dat nog twee primêre skole, waarvan een Afrikaans- en een Engelsmedium moet wees, in elk van die dorpe opgerig moes word, terwyl Carletonville verkieslik die outonome opvoedkundige sentrum met betrekking tot hoërskole moes wees. Ter motivering vir laasgenoemde voorstel is aangevoer dat (i) die sentrale ligging van die dorp), (ii) sy tempo van ontwikkeling en (iii) bevolkingsaanwas gunstiger is as die van ander dorpe in die gebied.[64]

Die voorspelling van Consolidated Gold Fields met betrekking tot die posisie wat Carletonville in die toekoms sou vul, was inderdaad korrek. Die tempo van dorpsuitbreiding, die uitbouing van die kommunikasienetwerk en die vestiging van sakebelange was reeds in hierdie stadium die barometers van die snelle plaaslike ontwikkeling.[65] In 1953 is die eerste sekondêre skool in die gebied, genaamd die Carletonville Hoer Skool, met 465 leerlinge in die Carletonvilledorpsgebied geopen. Die skool het van meet of aan op 'n dubbelmediumgrondslag gefunksioneer.[66]

Namate goudmynaktiwiteite gedurende die vyftigerjare verder uitgebrei het, is nog primêre skole gestig. Dit is naamlik die Blyvooruitzicht English Medium School (1956), die Blyvooruitzicht Afrikaans Medium Skool (1956), Rockland Primary School (1956), die Danie Theron Gedenk Skool (1957) en die Westfields School (1957).[67] Die opening van hierdie

---

[64] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 19.2.1951.

[65] Kyk ***Hoofstukke Twee***, pp.24-30; ***Vyf,*** pp.211-212 en *Ses,* pp.248-249,256-258.
[66] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…, p.100.

[67] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing ..., p.84.

skole en die vermelde sekondêre skool het ongetwyfeld 'n besondere leemte gevul, aangesien dit nie meer vir plaaslike kinders nodig was om skole van omliggende dorpe by te woon nie.[68]

Teen 1958 het die behoefte aan nuwe skole nog hoegenaamd nie 'n versadigingspunt bereik nie. Vir 'n gebied om nege skole binne 'n kwessie van nege jaar te kry, en dan sluit dit nie eers die skole in wat reeds voor 1948 al bestaan het nie, is myns insiens 'n prestasie wat grotendeels aan die plaaslike mynbousektor te danke was.

### *7.2.5 Sport-, kulturele- en ontspanningsaktiwiteite*

Wat die beoefening van sport-, kulturele en ontspanningsaktiwiteite binne die gemeenskap van Carletonville gedurende 1948 en 1958 betref, was daar wel 'n mate van ontwikkeling. So byvoorbeeld is georganiseerde sport gedomineer deur die inisiatief wat van die plaaslike goudmynmaatskappye uitgegaan het, en gevolglik was die meeste sportfasiliteite tot mynterrein beperk.[69] Dít kan ongetwyfeld as verklaring dien waarom daar gedurende hierdie dekade 'n trae tempo van ontwikkeling ten opsigte van die vestiging van sportgeriewe in die onderskeie dorpe binne die munisipale grense van Carletonville was.

Alhoewel kulturele aktiwiteite soos toneelopvoerings, speletjies- en filmaande beoefen is, asook 'n primitiewe biblioteekdiens aanvanklik net op myngrond voorgekom het en die Blyvooruitzicht-goudmyn 'n besonderse bydrae hiertoe gelewer het, het enkele van hierdie kulturele aktiwiteite wel ten minste na 1948 ook in die Carletonvillese dorpsgebied tot stand gekom. Hiervan was die vestiging van biblioteekdienste in 1950

---

[68] E.S. van Eeden, ***Die geskiedenis van die Gatsrand…,*** pp.80,81 en Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 19.2.1951.

[69] Die goudmynmaatskappye en goudmyngroepe se bydrae tot die ontwikkeling van die gemeenskap word in ***Hoofstuk Vier***, pp.120-194 toegelig. Kyk egter ook Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RNH), Band 224, lêer NH 15/11/8(1), Carletonville-dorp: West Witwatersrand Areas Limited, memorandum on development of Far West Rand with particular reference to provision of magistrates court and government offices, 26.1.1952.

die eerste,[70] en dit lyk asof hierdie behoefte, namate die gunstiger ekonomiese klimaat 'n bevolkingsgroei tot gevolg gehad het, die versoek tot die uitbreiding van biblioteekdienste teen 1954 as belangrik, en selfs as dringend, hanteer is. Die publiek het spontaan 'n biblioteekkomitee georganiseer, waarna met die Gesondheidsraad onderhandel is. Na 'n reeks samesprekings met die Raad is 'n ruimte in die Gail-and-Beverley-sakekompleks in 1956 vir die doel beskikbaar gestel.[71] Teen 1958 het die geregistreerde biblioteek al 1 700 gebruikers gehad, met die gevolg dat die diens se verpligtinge en funksies toegeneem en te omvangryk vir die Biblioteekkomitee geword het. Die Plaaslike Gebiedskomitee het gedurende hierdie jaar die verpligtinge van die biblioteek by die Biblioteekkomitee oorgeneem.[72]

Naas die beskikbaarheid van 'n biblioteek was die landswyd bekende en beroemde Apollo-koor van Carletonville, onder leiding van Henk Grijzenhout,[73] en die Carletonville Playmakers onder leiding van Stan en Cherry Solomon reeds sedert 1955 aktief besig[74] om met hulle onderskeie pogings 'n kulturele belangstelling by die gemeenskap te kweek en tegelykertyd die gebied na buite bekend te stel. Koorleier en dirigent Grijzenhout het by geleentheid gesê: ***Daar is nie net goud in Carletonville se grond nie, maar ook In die kele van baie van sy inwoners. Dit is hoog tyd dat daar besef word dat buite Johannesburg kulturele welvaart te vinde is.***[75] Hierdie kulturele welvaart in die Carletonville-gebied waarna Grijzenhout verwys, was wel

---

[70] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer L1/29/34, Regional library: brief, Regional Librarian/Peri Urban Areas Health Board, 10.5.1954.

[71] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer L1/29/34, Regional library: brief, Gesondheidsraad/Skakelkomitee, Oberholzer, 23.11.1954.

[72] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Carletonville openbare biblioteek: voorgestelde oomame van administratiewe beheer, 19.5.1958.

[73] ***SAUK Radiobulletin,*** 10.3.1958, p.24; ***West Rand Tunes en Wesrander,*** 26.10.1962, p.4 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C. van der Westhuizen (voormalige soliste, Apollo-koor), 15.3.1989 asook 20.4.1989.

[74] ***West Rand Tunes en Wesrander,*** 2.10.1959, pp.3-4 en TAB, MCV, Band 51, lêer 73/5(5), Publisiteit: berig, ***Playnzakers gewild,*** (s.j.).

[75] West Rand Tunes en Wesrander, 26.10.1962, p.4.

**Apollo koor (1959).**




**Illustrasie: konsert, Apollo koor (1959).**




Bron: A. van der Westhuizen.

**Mnr. Henk Grijzenhout, koorleier Apollo koor.**




**Mev. C. van der Westhuizen, soliste van die Apollo koor, 1962.**



Bron: A. van der Westhuizen.

**Illustrasie: 'n Konsertgeleentheid van die Carletonville Playmakers (+-1962).**




Bron: A. van der Westhuizen.

indirek aan die aanwesigheid van goud in die omgewing te danke. Die prestasies en beroemdheid van die Apollo-koor was nietemin inderdaad iets besonders, en dit was kenmerkend van 'n snelle kulturele bloei wat reeds kort nadat Carletonville tot dorpsgebied geproklameer is, bereik kon word.

In 1958 is 'n musiekvereniging vir die dorp op die been gebring. Die Musiekvereniging was hoofsaaklik met die organisering en aanbieding van toneeluitvoerings deur die toneelgeselskappe van die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (TRUK) plaaslik belas.[76] Grijzenhout se reeds vermelde opmerking ten opsigte van plaaslike kulturele welvaart is ook kenmerkend van die entoesiasme waarmee kulturele instansies plaaslike straatkollektes ten bate van liefdadigheid gehou het.[77]

Die ontspanningsaktiwiteite waarop die Carletonville-gemeenskap gedurende die vyftigerjare getrakteer is, was die van vermaaklikheidsorganisasies soos die Boswell Brothers Circus[78] en die sirkusse van J.A. Raedt,[79] J.N.Z. Turnbull[80] en C. Pagel.[81] Daarbenewens het die Blyvooruitzicht-myn ook vir vermaak gesorg deur die organisering van speletjiesaande en die hou van weeklikse filmvertonings.[82] In 1956 het die Carletonville Kinema 'n lisensie bekom om op erf 162 van Carletonville 'n teaterbedryf te begin.[83] Al hierdie ontspanningsfasiliteite, met die pioniergoudmyn Blyvooruitzicht as ongetwyfeld een van die eerste en vernaamste plaaslike inisieerders, het daartoe bygedra dat die Carletonvillers reeds teen 1958 sinvol hulle ontspanningstye kon benut.

---

[76] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C. Rautenbach, 12.11.1990 en Tussenbewaarplek (TBP), Carletonville Munisipaliteit (MCV), leer 49/2, Kultuurverenigings: notule, Bestuurskomitee, 30.6.1966.

[77] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 5.11.1958.

[78] Carletonville (Munisipaliteit). LAC, Minutes: minute, 17.11.1949.
[79] Carletonville (Munisipaliteit). LAC, Minutes: minute, 19.11.1950.

[80] Carletonville (Munisipaliteit). LAC, Minutes: minute, 15.6.1951.
[81] Carletonville (Munisipaliteit). LAC, Minutes: minute, 21.9.1950.

[82] Kyk **Hoofstuk Vier**, p.129.

[83] Carletonville (Munisipaliteit). LAC, Minutes: minute, 27.8.1956.

### *7.2.6 Wet- en ordestrukture*

Namate die ekonomiese struktuur binne die Carletonville-gebied ontplooi het, het 'n behoefte aan die vestiging van wet- en ordestrukture ontwikkel. Die naaste dorpe vanwaar die gebied aanvanklik bedien is, is Potchefstroom, Fochville en Welverdiend.[84] Laasgenoemde, wat binne die Carletonville-gebied geleë is, was egter te klein en te gebrekkig toegerus om hoegenaamd aan die vereistes van die nuwe ontwikkelende myngebied te voldoen.[85]

By 'n gebrek aan 'n polisiepos gedurende die vestigingsjare van die Blyvooruitzicht-goudmyn het die myn 'n interne polisiepos - waarskynlik as sekuriteitsmaatreël - wat deur mynamptenare beman is, begin.[86] Die Blyvooruitzichtse polisie het selfs gedurende 1950 die Carletonville-gebied op 'n tydelike grondslag help patrolleer, aangesien die Welverdiend-polisiestasie nie by magte was om weens *'n* mannekragtekort die taak te onderneem nie.[87]

Weens die ongewenste toedrag van sake, en die toenemende eise van die nuwe plaaslike ekonomiese struktuur, is daar in 1951 aandag aan die vestiging van afsonderlike wet- en ordestrukture vir die Carletonville-gemeenskap gegee. Aangesien daar reeds 'n bestaande infrastruktuur vir die uitoefening van wet en orde in Welverdiend bestaan het, het die hooflanddros van Potchefstroom hierdie dorp as die aangewese plek vir die uitbreiding van die bestaande ordestruktuur beskou. Dit het egter so 'n ongunstige reaksie van die publiek in Carletonville uitgelok dat die landdros, na 'n openbare vergadering, van standpunt verander het en die plek van oprigting van 'n ordestruktuur ten gunste van die Carletonville-Oberholzerkompleks aanbeveel het.[88] In 1952 is aandag aan die oprigting van 'n landdrosgebou te Carletonville geskenk.[89]

---

[84] E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand…, pp.115,122-124.
[85] SAB, Departement van Justisie (JUS), Band 1052, lêer 21/733, Oberholzer inspeksieverslae: aanhangsel C, personeelaangeleenthede, 1953.

[86] W. Hagan-Watson, "Down memory lane ...", p.52.
[87] Carletonville (Munisipaliteit). LAC, Minutes: minute, 16.3.1950.
[88] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer L1/29/30, Siting of proposed magistrates court: memorandum, 5.2.1951 en SAB, RNH, Band 224, leer NH 15/11/8(1), Carletonville-dorp: brief, Sekretaris van Justisie/RONH, 20.8.1951.

[89] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer L1/29/30, Siting of proposed magistrates court: report Oberholzer township, proposed erection of magistrates court on erf 484, 19.9.1952.

Die beplanning vir 'n polisiestasie in die dorp Oberholzer in 1953 het so te se saam met die verklaring van die Carletonville-gebied as magistraatsdistrik Oberholzer saamgeval.[90] Dog, toe die gebou in 1954 opgerig moes word, is probleme met die gebruiksvoorwaardes volgens die dorpsbeplanningskema op die erwe wat gebruik sou word, ondervind.[91] Alternatiewe erwe is gevolglik gesoek, en in Januarie 1956 het dit op die oprigting van 'n polisiestasie te Carletonville Dorpsuitbreiding no. Twee uitgeloop.  Daar is voorsiening vir 'n personeelsterkte van ongeveer 12 man, asook sewe selle vir die aanhou van gevangenes, gemaak.[92] Hoewel dit 'n beskeie begin was, het die permanensie van 'n wet- en ordestruktuur ter plaatse teen 1958 sekerlik voornemende oortreders afgeskrik en by die nuwe ontwikkelende gemeenskap gemoedsrus geskep.

### *7.2.7 Politieke belewing*

Kort voor uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was die stemgeregtigde burgers van Carletonville en omgewing by die Losberg-[93]kiesafdeling ingedeel. Histories is dit 'n kiesafdeling wat teen die dekade veertig besondere momente op sy kerfstok gehad het. Hieronder tel die verkiesing van die alombekende generaal Louis Botha as volksraadslid van die Suid-Afrikaanse Party vir Losberg nadat by tydens die 1910-uniale verkiesing sy setel in Pretoria-Wes verloor het. Botha was sy voile termyn as Eerste Minister van Suid-Afrika, naamlik 1910 tot 1919, die volksraadslid vir Losberg.[94]

Van politiek en 'n politiseerdery was daar op plaaslike openbare ver4aderings gedurende die Botha-termyn en later, met onder meer reaksie op die veelbesproke ¯deelname aan die Twee Wêreldoorlog asook die konflik rakende verkiesingsooreenkomste en partykoalisie, genoeg.[95] Namate die getal mynwerkers, as synde deel to wees van die nuwe goudspens

---

[90] SAB, Publieke Werke Departement (PWD), Band 1367, leer 3081, Oberholzer police station accommodation: brief, Kommissaris SAP/Direkteur Publieke Werke, 8.7.1953 asook 23.12.1953.

[91] SAB, PWD, Band 1367, lêer 3081, Oberholzer police station accommodation: brief, Direkteur Publieke Werke/Distriksverteenwoordiger, 20.2.1954.

[92] ***Die Transvaler**,* 25.1.1956, p. 1.

[93] Die woord Losberg is afgelei van die Tswanawoord ***"Kokosi".*** Dit is 'n heenwysing na 'n losstaande heuwel naby die huidige Fochville-dorp en baie sentraal in die Gatsrand gelee. Tswanastamme het vir onderbroke tydperke, voor die Groot Trek in 1838, op die "berg" gewoon. Kyk E.S. van Eeden, ***Die geskiedenis van die Gatsrand…,*** pp.1-2.

[94] E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand…, pp.104-106.

[95] E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand…, pp.107-113.

Carletonville, toegeneem het, het die getalsterkte van die Losberg-kiesafdeling vergroot. Dit was veral die Engelstaliges onder hulle wat mettertyd ander politieke standpunte en sentimente in die omgewing ingedra het.

Die jaar 1948 was nie net vir Carletonville as pas geproklameerde dorp met vooruitstrewende ekonomiese vooruitsigte van besondere betekenis nie, maar ook met betrekking tot die politieke geskiedenis van Suid-Afrika 'n belangwekkende periode op politieke vlak. Gedurende die verkiesing in Mei hierdie jam het die politieke stand van sake in Suid-Afrika 'n dramatiese wending geneem toe die Herenigde Nasionale Party (HNP) die verkiesing naelskraap gewen het.

Mnr. G.P. Brits, medestigter van die NP-tak in die Carletonville-gebied in 1914 asook volksraadslid gedurende die dekades twintig en dertig,[96] het die setel van die Losberg-kiesafdeling in 1948 vir die HNP met 'n klein meerderheid gewen.[97] In die lig daarvan dat sy Verenigde Party (VP)-opponent die regsgeleerde B. Bekker was (seun van die voormalige administrateur van Transvaal, S. Bekker), maak die oorwinning van Brits meer besonders.[98] Die na-oorlogse politieke toestand en toenemende kritiek op die kleurbeleid van generaal J.C. Smuts,[99] kan beskou word as van die redes wat teen Mei 1948 ook die Losberg-kiesafdeling in die guns van Brits beklink het.

Ongeag 'n aansienlike bevolkingstoename in die Carletonville-gebied gedurende die vyftigerjare, en die vasstelling van 'n nuwe distrik in 1953, was die groeiende myngebied tot en met 1958 steeds die verantwoordelikheid van G.P. Brits binne die grense van die Losbergkiesafdeling. Dit wil voorkom asof Brits tot in hierdie stadium min politieke teenstand in sy kiesafdeling ervaar het. Enersyds kan dit aan sy innemende persoonlikheid en bemoeienis met sy kiesafdeling toegeskryf word.[100] Andersyds was dit moontlik omdat die

---

[96] E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand…, pp.107-109.
[97] B.M. Schoeman, Parlernentêre:Were verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976, p.291.

[98] Potchefstroom Herald and Western Gazette, 26.3.1948, p.6 asook 2.4.1948, p.5.
[99] Potchefstroom Herald and Western Gazette, 23.4.1948, p.2.

[100] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, W.J.A. Wessels (Familielid van G.P. Brits, Fochville), 12.3.1987 asook onderhoud, J.C. Greyling (Oud volksraadslid, Carletonville), 30.9.1991.

NP in die vyftigerjare oorweldigend steun to midde van 'n verbrokkelende opposisieparty geniet het.[101] Die ontplooiing van die ontwikkelingsproses binne Carletonville is dus gedurende hierdie dekade oënskynlik nie veel deur die politieke klimaat geaffekteer nie. Hierdie proses van ontwikkeling moes nietemin tog baie van Brits se aandag geverg het, aangesien by op provinsiale en regeringsvlak vir die vestiging van plaaslike dienste moes help beding.[102]

Uit die bespreking van al die bovermelde fasette van die samelewingstruktuur gedurende 1948 tot 1958 is dit duidelik dat die groeiende plaaslike bevolking, gestimuleer deur die dinamiese mynbedryf en die sakegemeenskap, die sleutel vir verdere plaaslike ontwikkeling gehou het. Van die vroeëre gemeenskappies in die omgewing was daar teen 1958 weinig sprake, en die intieme atmosfeer waarin daar eens gewoon, geleef en gewerk is, was vir goed verby. Die groterwordende gemeenskap het uiteraard verdere eise aan die infrastruktuur gestel. Ekonomiese ontwikkeling, gepaard met 'n stygende groei in behoeftes, het Carletonville binne 'n kwessie van tien jaar totaal verander.

### *7.3 ONTWIKKELING IN KONFLIK MET GRONDVERSKUIWINGS: CARLETONVILLE SE OORLEWINGSTRYD, 1959-1974*

Die veelvoudige ontwikkeling in Carletonville gedurende die dekade voor 1959, wat bevorder is deur 'n kringloop van ekonomiese stimulante en gevolg is deur 'n hoe tempo van bevolkingsaanwas, het die vestiging van 'n behoorlike plaaslike infrastruktuur aangemoedig. Die sirkelgang het gunstig tot die ontwikkeling van die Carletonville-gebied meegewerk, sodat hierdie dorp binne 'n kwessie van tien jaar na proklamering 'n selfstandige plaaslike owerheid verkry het.[103] Daar is in hierdie stadium beweer dat Carletonville moontlik 'n soortgelyke pad van ontwikkeling as die van Johannesburg mag volg, en dat die gemeenskap vasbeslote is om in die voorhoede van alle ontwikkelingsinisiatiewe te wees.[104] Indien die blanke bevolkingstal, volgens die 1960-sensus, in ag geneem word, was hierdie prysenswaardige doelwit geensins onbereikbaar nie. Die plaaslike bevolking was toe al byna

---

[101] B.J. Liebenberg, "Die Nasionale Party aan bewind, 1948-1961", C.F.J. Muller (red.), ***500 Jaar SuidAfrikaanse geskiedenis***, pp.481-488.

[102] Kyk ***Hoofstuk Ses***, p.248 as voorbeeld.

[103] Kyk Hoofstuk Twee, p.31.

[104] West Rand Times en Wesrander, 31.6.1959, p.1.

drievoudig meer as gedurende die 1951-sensusopname, naamlik 16 111.[105] Met 'n toename van meer as 'n duisend mense per jaar was die samelewing van Carletonville besig om uit sy nate te bars.

'n Berig van September 1961 bevestig hierdie bevolkingsontploffing: Dit vermeld dat huise in Carletonville so skaars was dat nuwe intrekkers die motorhuise van gevestigde bewoners op 'n tydelike basis as wonings moes huur. Daarbenewens was die algemene lewensbeskouing van die Carletonvillers glo ook toenemend materialisties gerig, vanweë die hoe salarisse wat mynwerkers ontvang het. Van die myngemeenskap is gesê dat ***as fast as the money is earned they spend it - on shining new cars, caravans, furniture and luxury fishing trips to the Mozambique coast,*** **en spottenderwys dat** ***miners talk about wine, women and overtime*** ...[106] Alhoewel hierdie eensydige opmerkings kwalik as verteenwoordigend van die Carletonvillegemeenskap beskou kan word, is dit wel so dat die plaaslike ekonomiese milieu, te danke aan vooruitsigte van verdere goudmynvestiging, gunstig was en 'n gunstige atmosfeer oor die algemeen die grootste deel van 1959 tot 1962 voorgekom het. Dit is eers hierna dat die voorkoms en tendens van grondverskuiwings die ekonomiese en infrastrukturele ontwikkeling van die bedrywige samelewing in die wiele begin ry het.

Die prominentste krisisjare waarin die standvastigheid van die plaaslike gemeenskap in al sy fasette teen hierdie dreigende sinkgatverskynsel op feitlik elke terrein beproef is, was gedurende 1964 tot 1970.[107] Vervolgens word die invloed van die plaaslike ekonomie op die aktiwiteite in die gemeenskap gedurende 1959 tot 1974, to midde van die tendens van grondverskuiwings, bespreek.

### *7.3.1 Kerke*

Gedurende die bloeijare, 1959 tot ongeveer 1962, het nog drie kerke, naamlik die Baptiste-,[108] die Pinkster-Protestante[109] en die Lede-in-Christus-kerk[110] hul deure in Carletonville

---

[105] Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, verslag no. 02-05-12, ***Bevolking van SuidAfrika, 1904-1970***, 1970, p.55.
[106] ***The Star***, 13.9.1961, p.2.
[107] Kyk ***Hoofstukke Twee***, pp.32-37; ***Drie***, pp.84-91; ***Vier***, p.191; ***Vyf***, pp.216-223 en ***Ses,*** pp.250-252,261-263.

[108] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 3.1.1962 en Baptist Church (Carletonville), Church minutes, 1960-1964: minute, 4.11.1960.
[109] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 3.10.1960, p.29.
[110] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 1.10.1959, art. 31.

**Die Anglikaanse Kerk, Carletonville.**





Bron: A.J. Prinsloo.

**Die Pinkster-Protestante Kerk.**





Bron: S. Kirchner

**Die hoeksteenlegging van die NG-gemeente, Welverdiend.**




Bron: Carletonville Herald.

**Die kerkgebou van die AGS-gemeente, Carletonville.**



Bron: S.C. Kirchner.

geopen. Voorts is 'n nuwe 'n gemeente van die NGK in Welverdiend gevestig.[111] Hierdie toevoegings is tekenend van die ontplooiing van 'n homogene gemeenskap waarbinne 'n verskeidenheid oortuigings en benaderings geheers het.

Dit is opvallend dat geen nuwe kerk sedert 1963 tot 1974 tot die bestaande kerke in Carletonville toegevoeg is nie. Alhoewel die meeste denominasies in hierdie stadium wel in die gebied aanwesig was, moet die invloed van die grondverskuiwings wat gedurende hierdie tydperk plek-plek amok veroorsaak het, as moontlike rede vir die trae vestiging van nog gemeentes, geensins buite rekening gelaat word nie.

Opspraakwekkende gevalle rakende die grondverskuiwings waarby van die kerke betrokke was, is die met betrekking tot die AGS-, die Baptiste- en die Anglikaanse gemeente. S6 byvoorbeeld moes die AGS-gemeente sy kerkgebou weens 'n reusekraak in 1963 sloop en van nuuts of vir 'n ander gebou beplan.[112] Alhoewel dit die AGS-gemeente se lokaliteit van byeenkomste 'n tyd lank verlam het, het dit nie die hou van gereelde eredienste, al was dit tydelik in die Carletonville Hoërskool, verhinder nie.[113]


Selfs nie eers die lidmaattal, naamlik 300, is hierdeur geaffekteer nie. Die getal het byvoorbeeld gedurende 1963 tot 1965, ten spyte van die grondverskuiwingskrisis, konstant gebly.[114]

Benewens die AGS-gemeente het die Baptiste-gemeente gedurende 1968 ook probleme met grondverskuiwings ondervind. Die pastorie van hierdie gemeente is sodanig beskadig dat deurlopende herstel- en instandhoudingskoste aangegaan moes word. Die Baptiste-

---

[111] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, S, van Rensburg, 12.11.1990. Die kerkgebou van die NG-gemeente Welverdiend is eers op 28 Augustus 1979 ingewy.
[112] Apostoliese Geloof Sending-gemeente (Carletonville), Kerknotules: nodules, 10.11.1963 asook 24.6.1964.
[113] Apostoliese Geloof Sending-gemeente (Carletonville), Kerknotules: nodules, 11.12.1963 asook 29.12.1963.
[114] Apostoliese Geloof Sending-gemeente (Carletonville), Kerknotules: notules, 10.11.1963 asook 18.10.1964 en 12.12.1965.

**Die Bank en distriks Moslem-gebou in sy glansperiode, 1958.**



Bron: *South African Panorama,* vol. 3, January 1958.

**Die Moslem-gebou soos dit teen 1989, in 'n vervalle toestand, daaruit gesien het.**




Bron: A.J. Prinsloo.

**Die brand- en nooddienste van Carletonville, 1980.**




Bron: Carletonville Herald.

**Nuwe Brandweer Departement (1985).**




Bron: C.G. Hartzer.

gemeente het daarom die pastorie-erf aan die Dolomitiese Waterraad verkoop en die bedrag aangewend om in 1970 'n ander erf te bekom en 'n nuwe pastorie te bou.[115]

Gedurende 1972 het die Tegniese Komitee belas met sinkgate[116] bevind dat die erf waarop die kerkgebou van die Anglikaanse gemeente is, op 'n grot gebou is. Die vrees dat dit dalk mettertyd kon insak het die gemeente genoop om sy kerklike aktiwiteite te Blyvooruitzicht op te skort en onmiddellik met die oprigting van 'n kerkgebou in Carletonville te begin. Die nuwe kerkgebou is reeds in 1973 ingewy![117]

Ten spyte van die vermelde sinkgatvoorvalle gedurende 1963 tot 1972 was daar nie een blanke kerk wat as gevolg daarvan moes sluit nie. Dit wil eerder voorkom [a]sof dit die neiging was om so you doenlik alternatiewe geriewe te vind, om sodoende nie gemeente-aktiwiteite te ontwrig nie. Daardeur is ongetwyfeld bygedra om gemeentelede se vertroue in Carletonville te behou. Die standhoudendheid van die plaaslike gemeentes moet egter voor die deur van die ekonomiese invloed gele word, aangesien die voortgesette ontsluiting van die gebied se goudryke skatte,[118] figuurlik gesproke, in hierdie stadium die vernaamste sleutel tot die toekoms was.

Die enigste kerkgroep vir wie die aanwesigheid van goudmyne op die lange duur nie voordelig was nie en wat aan die lot van veral die grondverskuiwings oorgelewer was, is die van die Indierkerk en hul moskee te Bank-dorp. Alle bewoners moes teen Januarie 1970 die gebied ontruim,[119] en dit het outomaties daartoe gelei dat moskeebedrywighede ter plaatse sonder enige seremonie opgeskort is.[120]

---

[115] Baptist Church (Carletonville), Church minutes: minutes, 1964-1970.
[116] Kyk ***Hoofstukke Twee**,* p.34; ***Drie,*** pp.84-85 en ***Vier**,* p.196.

[117] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: interview, J.E. Atherton (Reverend, Anglican church, Carletonville), 15.6.1989.

[118] Kyk ***Hoofstuk Vier**,* pp.136-138 ter voorbeeld.

[119] Kyk **Hoofstuk Twee**, p.36.

[120] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, N. Nosarka (Oud-sakeman, Bank-dorp), 8.8.1989. Geen alternatiewe woongebied in die Carletonville-omgewing is na die ontruiming van Bank-dorp tot beskikking van die Indiers gestel nie. Gevolglik moes die meeste in die Indierwoongebiecl naby Johannesburg, naamlik Lenasia, gaan woon. Kyk ook ***Hoofstuk Twee**,* pp.47-48.

**MBV-mediese sentrum.**




**MBV-tandheelkundige sentrum.**




Bron: C.G. Hartzer.

Ongeag hierdie een voorval van kerksluiting, getuig 'n ander aspek van die teendeel. So byvoorbeeld het die landswye NG-geïnspireerde aksie die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) in 1966, te midde van die gereelde sinkgatvoorvalle, 'n tak in Carletonville geopen om behoeftige lidmate tot diens te wees.[121]

### *7.3.2 Gesondheidsdienste*

Een aspek van die Carletonvillese ontwikkelingspatroon tussen 1959 en 1974 wat as werklik traag bestempel kan word, is openbare gesondheidsdienste. Benewens die aandag wat in 1959 en 1960 aan die vestiging van brand- en nooddienste gegee is,[122] het daar, ten spyte van die vyftigerjare se vergunning om byvoorbeeld 'n hospitaal gedurende die dekade sestig op te rig, niks gekom nie. Daar was wel al gesprekvoering, besluite geneem en beplan, maar niks konstruktiefs het hieruit voortgevloei nie.[123] Die vernaamste rede vir hierdie gesloer kan waarskynlik aan die grondverskuiwings in die Carletonville-gebied gewyt word, aangesien die Transvaalse Provinsiale Administrasie glo eers wou wag en kyk wat die toekoms van die Carletonville-gebied sou inhou.[124]

Wat moontlik ook 'n stok in die wiel van hospitaaloprigting gesteek het, is die goudmynbedryf se dominerende teenwoordigheid en invloed in die munisipale gebied van Carletonville. So byvoorbeeld het nog 'n mynhospitaal, naas die twee bestaandes, in 1963 by die nuwe Western Deep Levels-goudmyn geopen.[125] Aangesien die meeste bewoners van die gebied aan die plaaslike mynbedryf verbonde is, moes die aanwesigheid van drie mynhospitale tog 'n gerusstellende uitwerking op die betrokke owerhede gehad het, sodat dit moontlik tot hierdie vertragingsproses bygedra het. Teen 1974 was daar nog nie 'n hospitaal vir die breë Carletonville-publiek nie maar steeds net halfhartige pogings om die bouwerk aan die gang te kry.[126]

---

[121] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.E. Labuschagne (Hoof maatskaplike werkster, CMR-tak Carletonville), 15.10.1990.

[122] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.I. Minnie (Beampte, Brandweerdiens Carletonville), 31. 10.1989.

[123] Carletonville Herald, 16.9.1966, p.1.

[124] **Carletonville Herald**, 10.2.1987, pp.1-2.

[125] Kyk ***Hoofstuk Vier****,* pp.181-182.

[126] ***Carletonville Herald****,* 3.9.1971, p.1 en Sybrand van Niekerk-hospitaal (Carletonville), Toespraak: amptelike opening van die Sybrand van Niekerk-hospitaal, 12.1.1979.

Die enigste gesondheidsdiens wat gedurende die jare sestig, as gevolg van 'n gebrek aan 'n behoorlike diens vir blanke en swart behoeftiges geopen het, is die Carletonville Mediese Kliniek in 1964. Hiermee is 'n omvangryke psigiatriese diens aan die plaaslike gemeenskap beskikbaar gestel wat publieke opleiding en opvoeding sowel as 'n kliniese en voorkomingsdiens ingesluit het.[127] Die opening van die kliniek te midde van 'n onsekere periode vir Carletonville moet aan die behoefte vir 'n geordende infrastruktuur, wat deur suiwer ekonomiese faktore gestimuleer is, toegeskryf word.

'n Ander leemte wat in die jare sestig en vroeg-sewentig op die geneeskundige terrein ervaar is, is die gebrek aan 'n behoorlike tandheelkundige diens. Soos met die mynhospitale was dit ook die plaaslike goudmynbedryf wat die inisiatief vir die vestiging van die eerste tandheelkundige diens in Carletonville geneem het. Onder die vaandel van die sogenaamde Mynbystandsvereniging (MBV) is 'n tandheelkundige kliniek in 1974 vir die gerief van mynwerkers en hul gesinne geopen.[128] Dit is opvallend dat die oprigting van hierdie kliniek, anders as die normale patroon van infrastrukturele vestiging deur goudmyne wat feitlik gewoonlik onmiddellik met die aanvang van 'n myn se goudproduksie ingestel word, traer verloop het. Dit is onseker of die voorkoms van sinkgate in hierdie tydperk moontlik vir hierdie vertraging verantwoordelik was. Dit is nietemin 'n faktor wat nie buite rekening gelaat kan word nie.

### *7.3.3 Diensorganisasies*

In teenstelling met die stand van mediese fasiliteite wil dit voorkom asof dit binne die kader van diensorganisasies gedurende 1959 tot 1974 bedrywiger daaruit gesien het. So byvoorbeeld was die SAVF-Oberholzer-tak steeds doelgerig om die ideale waarvoor hulle hul in organisasieverband beywer het, binne gemeenskapsverband te verwesenlik.

Benewens die Oberholzer-tak se jarelange maatskaplike diens het hulle sedert 1961 ook leiding in die stigting van twee damesklubs, genaamd die "Lag en Lewe-tak" op Bank-dorp

---

[127] Carletonville Herald, 20.3.1964, p.1.

[128] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, dr. T. Niehaus (Praktisyn, Tandheelkundige Kliniek
Carletonville), 24.10.1989.

sowel as die "Werk met Lus-tak" op Welverdiend geneem.[129] Daardeur is gepoog om hierdie dorpe se vroue by die bedrywighede van die SAVF-Oberholzer-tak in te skakel. Binne die raamwerk van aktiwiteite soos uitstallings, kompetisies en besprekings,[130] is probeer om die vroue van die Carletonville-gebied van hulle daaglikse gejaagde of geykte roetine te laat ontsnap, sowel as om opheffingswerk onder hulle te doen.[131]

Gedurende 1962 en 1963 het die SAVF-Oberholzer-tak, te midde van toenemende gerugte en voorvalle in verband met die dreigende sinkgatgevaar, hul aktiwiteite verder uitgebou deur die stigting van 'n verversings-, 'n gesinsorgstudie- en 'n werkklubkomitee sowel as die SAVF-Pistoolklub.[132]

Naas die aktiwiteite van die SAVF-Oberholzer-tak het ander diensorganisasies, wat ook in die jare vyftig gestig is, reeds gedurende die dekade sestig toenemend bewys gelewer van volwassenheid, beter samehorigheid en gemeenskapsbetrokkenheid. Dit blyk uit die feit dat die behoeftes van die Carletonvillese gemeenskap gaandeweg self deur hierdie organisasies geïdentifiseer is, waarna geld op 'n doelgerigte wyse deur elk ingesamel is om probleemareas binne die maatskappy aan te pak en op te los.[133] Enkele nuwe diensorganisasies wat met die verloop van 1962 en 1963 gestig is, is die Western Deep Levels Ladies Charity Fund,[134] die Rotary Anns,[135] nog 'n tak van die MOTH-organisasie, naamlik die Kwai Bridge Shellhole[136] en die Lions-organisasie.[137] In 1966 is die Wes-Transvaalse Geestesgesondheidsvereniging by die bestaande diensorganisasies toegevoeg.[138]

---

[129] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Jaarverslae: verslag, 1.5.1960 - 30.4.1961.
[130] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Jaarverslae: verslag, 1.5.1961 - 31.3.1962.

[131] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, E.J. Nefdt, 4.9.1990.
[132] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Jaarverslae: verslag, 1.4.1962 - 31.3.1963.

[133] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, E.J. Nefdt, 4.9.1990.
[134] Kyk **Hoofstuk Vier**, p.180.


[135] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J. Grolman (Oud-sakeman, Carletonville), 12.12.1990.

[136] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C.W. Wright (Voorsitter, Kwai Bridge Shellhole), 11.12.1990.

[137] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, L. Peck (Oud-sakeman, Carletonville), 3.9.1990.

[138] Carletonville (Munisipaliteit), Raadsnotules: notule, 8.11.1966.

**Carleton Jones High School.**



Bron: Carletonville Herald.

Die rol wat hierdie verskeidenheid diensorganisasies as indirekte stimulante vir die plaaslike ekonomie by wyse van die verskaffing van finansiële hulp aan maatskaplike instansies in ruil vir geestesgesonde en produktiewe individue gelewer het, is blykbaar wel gedurende die sinkgatkrisis geaffekteer. Gereelde donasies van die mynbou- en die sakesektor is ten tyde van die krisisjare ingekort,[139] waarskynlik in 'n poging om self te oorleef en die onvoorsiene uitgawes wat grondverskuiwings meegebring het by te bring.[140]

In die jare sewentig het die omstandighede binne Carletonville mettertyd vir die diensorganisasies verbeter. In byvoorbeeld 1971 kon die SAVF-Oberholzer-tak, danksy die finansiële hulp van die plaaslike mynbousektor, sy maatskaplike diens uitbrei.[141] Gedurende November dieselfde jaar het die Carletonvillese Stadsraad, onder leiding van burgemeester C. Kriek, die Carletonville Suiderkruis-tak gestig met fondsinsameling as die vernaamste doelwit.[142] Sedertdien het die ekonomiese opswaai van Carletonville, na etlike kommervolle jare[143] ook gunstiger omstandighede vir die bedrywighede van diensorganisasies geskep. Teen 1974 is daar byvoorbeeld daadwerklik aandag aan die lank onvervulde behoefte van 'n bejaardesorgsentrum geskenk.[144]

### *7.3.4 Skole*

Word die invloed van ekonomiese ontwikkeling in Carletonville aan die oprigting van skole gedurende die sestigerjare gemeet, lyk dit asof hierdie opvoedkundige struktuur hoegenaamd nie deur die aanwesigheid van grondverskuiwings ter plaatse afgeskrik is nie. Na die stigting van die Laerskool Dagbreek in 1960 het die opening van die Carletonville Jones High School en die Laerskool Jongspan in 1962 gevolg.[145]

---

[139] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, K. de Beer (Streeksleidster, SAVF Suid-TransvaalStreek), 15.10.1990.

[140] Kyk ***Hoofstukke Vier***, p.191 en ***Vyf***, pp.218-222.

[141] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Jaarverslae: verslag, 1.4.1970 - 31.3.1971.

[142] Suiderkruis-tak (Carletonville), Notules, 1971-1978: notule, stigtingsvergaderings, 16.11.1971.

[143] Kyk ***Hoofstuk Vyf***, pp.223-225.

[144] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Inligtingstuk: ***Senatus***, pp.5,7.

[145] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…, pp.69,107.

Die opening van die nuwe Western Deep Levels-goudmyn in 1962[146] was sekerlik die vernaamste dryfveer vir die ontstaan van die twee vermelde skole gedurende die jaar. Die oprigting van nog skole is selfs nie eers gedurende die ergste krisisjare van sinkgate, naamlik toe die tendens van onsekerheid en vertwyfeling vanaf 1964 tot ongeveer 1967 hoogty gevier het,[147] gestuit nie. Hiervan is die vestiging van die Carletonville Spesiale Skool, oftewel die Goudwes Skool, in 1966 'n sprekende bewys van die volgehoue voorsiening van onderwysgeriewe, ten spyte daarvan dat sinkgate in hierdie stadium reeds sommige bestaande skole ontwrig het.[148]

Gedurende die periode 1961 tot 1971 het sowat ses skole in die Carletonville-gebied met die vernietigingsproses van die "knagende ondergrondse reus"[149] to doen gekry. Die skole Carletonville Jones High, Westfields Primary en die Laerskool Jongspan se terreine was die eerstes wat gedurende 1961 en 1962 deurgeloop het.[150] Soortgelyke probleme is deur die Rockland Primary School en die Laerskool Blyvooruitzicht in 1964,[151] kort na die skokkende verswelging van die Oosthuizen-gesin deur 'n sinkgat op 3 Augustus die jaar, ondervind.

Die normale onderwysproses by al die skole is 'n tyd lank gekortwiek, aangesien van die ouers uit vrees nie hulle kinders skool toe gestuur het nie.[152] Alternatiewe onderriggeriewe is na Augustus 1964 vir die leerlinge van die Rockland Primary School en die Blyvooruitzichtse Laerskool geskep. Die ontspanningsaal van die Blyvooruitzicht-myn is hiervoor gebruik. Hiermee was die saal, vir die soveelste keer sedert oprigting, die toevlugsoord vir die bedrywighede van die een of ander hawelose plaaslike belangegroep. Die reëling was egter van korte duur, aangesien die skoolgrond van Rockland Primary in Oktober 1964 al as veilig verklaar is. Die leerlinge van die Blyvooruitzicht Laerskool moes egter nog tydelik op die skoolterrein van Rockland Primary geakkommodeer word.

---

[146] Kyk **Hoofstuk Vier**, p.170.

[147] Kyk ***Hoofstuk Twee**,* pp.33-36.
[148] M.M.J. Oosthuizen, Blanke ondenvys in die Carletonville-omgewing…, pp.140,143.
[149] ***Die Transvaler**,* 19.1.1963, p.2.

[150] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…, pp.70-73,76.
[151] ***Carletonville Herald**,* 7.8.1964, p.6 asook 11.9.1964, p.1; 25.9.1964, p.1 en 2.10.1964, p.1.

[152] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…, pp.73-75; Carletonville Herald, 25.1.1963, p.1 en Die Transvaler, 19.1.1963, p.2.

Om die dilemma van beide bovermelde skole op een terrein gelyktydig to verlig, is die leerlinge van Rockland Primary soggens op hul skoolterrein onderrig, en leerlinge van Laerskool Blyvooruitzicht smiddae. Hierdie reëling het spoedig spottenderwys as die ***oggendsessie*** en die ***smiddagskof*** bekend gestaan![153] Op hierdie wyse is die belemmerende uitwerking van die grondverskuiwings geneutraliseer, alhoewel dit tog ook 'n tyd lank ongerieflik was. Vir beide het die onderwysproses teen 1968 genormaliseer.[154]

As gevolg van die verbeterde saketoestande wat sedert die laat-sestigerjare in Carletonville aanwesig was, en wat verder deur die aktiwiteite van die nuwe Oos-Driefontein-myn gestimuleer is,[155] is vroue algaande in die plaaslike arbeidsmag betrek. Die al groter wordende korps werkende vroue het die aanvraag na kleuterskoolfasiliteite verhoog.[156] In hierdie steeds groeiende behoefte is voorsien toe die SAVF-Oberholzer-tak, met die geldelike steun van etlike sakeondernemings, die plaaslike myne en die Carletonville Stadsraad in 1971 die Pikkie Kleuterskool geopen het.[157]

Gedurende Julie 1971 is tekens van grondverskuiwing op die sportterrein van die Laerskool Dagbreek opgemerk.[158] Daar is opmerklik geen soortgelyke ophef daarvan soos tydens die sinkgatvoorvalle van die sestigerjare gemaak nie.[159] Dit was inteendeel duidelik dat die samelewing van Carletonville besef het dat Carletonville as dorp sowel as die res van die gemeenskap nie tot niet sou gaan solank as wat goudmyne nog binne die gebied bedrywig is nie. Gevolglik het die ekonomiese ontwikkeling teen en na 1971[160] hierdie individuele sinkgatvoorval feitlik oorskadu en half genadeloos in die vergetelheid in laat verdwyn.

---

[153] **Carletonville Herald**, 18.12.1964, p.1.

[154] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…, pp.75-76.

[155] Kyk ***Hoofstuk Vier,*** pp.155-156.

[156] TBP, MCV, lêer 47/2, Kinderbewaarplek: brief, K. de Beer/Stadsklerk, Carletonville, 6.2.1967.

[157] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Jaarverslae: verslag, 1.4.1970 - 31.3.1971 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, E.J. Nefdt, 4.9.1990.

[158] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing ..., p.76.
[159] Carletonville Herald, 4.8.1972, p.3.

[160] Kyk **Hoofstuk Twee**, pp.37-39.

Gestimuleer deur 'n gesonder plaaslike ekonomie teen 1972, het die behoefte na nog skole in Carletonville verder uitgekring. Die opening van die Rotara Skool vir verstandelik gestremdes,[161] die vestiging van die Kleuterhof Privaat Kleuterskool in 1973 en die Bollie Privaat Kleuterskool sowel as die Rocklands Kleuterskool het hierdie behoefte beklemtoon.[162] Teen 1974 was die hoop op die vestiging van nog skole binne die raamwerk van 'n groeiende Carletonvillese myngemeenskap nog alles behalwe geblus.

#### *7.3.5 Sport-, ontspannings- en kulturele aktiwiteite*

Ongeag die gunstige stand van die Carletonvillese ekonomiese infrastruktuur teen 1959 het dit nie juis vir die vestiging van sportgeriewe veel belofte ingehou nie. Kort voordat Carletonville in Julie 1959 'n selfstandige plaaslike owerheid verkry het, het die toekomstige ontwikkeling van sportgeriewe vir Carletonville en Oberholzer wel tydens 'n vergadering van die Plaaslike Gebiedskomitee ter sprake gekom.[163] Die vestiging van sportgeriewe vir rugby, sokker, krieket, tennis, jukskei, rolbal, swem, korfbal en hokkie is in 'n verslag wat deur hierdie komitee se hoofingenieur opgestel is, voorgestel. Volgens die hoofingenieur sou die implementering daarvan binne drie jaar verwesenlik kon word. Ten spyte egter van die moeitevolle insette van die ingenieur, en ongelukkig vir die bewoners van Carletonville, het die voorstelle soos dit in die verslag uiteengesit is, nie momentum gekry nie. Dit het bloot met die twee woorde, ***ter kennisname,***[164] in die annale van die Gebiedskomitee se notules verdwyn.

Of die Plaaslike Gebiedskomitee gemeen het dat die nuwe plaaslike owerheid wat in Julie 1959 by hulle sou oorneem, die inhoud van die verslag verder moes oorweeg, is onseker. Die nuut gevestigde Stadsraad van Carletonville het egter, met veel dringender sake op hul agenda, nie hierdie verslag van hul voorgangers bespreek nie.[165] Dit was ook nie nodig nie,

---

[161] Anon., **"Rotara-skool"**, p.2 en **Carletonville Herald**, 9.6.1976, p.19.

[162] M.M.J. Oosthuizen, ***Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…,*** pp.39-48. 'n Pam kleuterskole het ook op myngrond geopen.

[163] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer 40/0/139 (2), Parke en sportsgronde: verslag, ontwikkeling van sportgeriewe vir Carletonville en Oberholzer, 13.4.1959.

[164] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer 40/0/139(2), parke en sportsgronde: verslag, ontwikkeling van sportgeriewe vir Carletonville en Oberholzer, 13.4.1959.

[165] Hierdie gevolgtrekking word op grand van die Raadsnotules wat bestudeer is gemaak.

aangesien die plaaslike goudmynmaatskappye reeds in Oktober 1959 daadwerklik aandag aan die oprigting van sportgeriewe begin skenk hê.[166]

Onderwyl die Stadsraad met die aanvang van die dekade sestig hul daadwerklik met die onbevredigende stand van enkele sportfasiliteite bemoei het,[167] is die Carletonville Ontspanningsklub, wat teen 'n koste van 170 000 pond opgerig is, in Maart 1960 geopen.[168] Die Gold Fields-Groep het 'n hoe finansiële inset in hierdie verband gelewer.[169]

As toevoeging tot die bovermelde geriewe wat die plaaslike goudmyne beskikbaar gestel het, het die Stadsraad gedurende die boekjaar 1960/61, en hierna op 'n jaarlikse basis, aandag aan die oprigting van etlike sportgeriewe vir die onderskeie dorpe en dorpsuitbreidings in die munisipale gebied geskenk.[170] Die grondversakkings in die laat-sestigerjare het wel ook tydelik ontwrigtend op die faset van die gemeenskapslewe ingewerk toe die Raad sy bouprojekte 'n tyd lank bevries het.[171] Andersins was daar nie juis ontwrigting ten opsigte van die beoefening van sportaktiwiteite gedurende die periode van grondverskuiwings nie.[172]

Op die terrein van ontspanning was dit steeds rondreisende mallemeules en die dienste van filmbedrywe wat, soos in die verlede, vir die breë Carletonville-gemeenskap gebied is.[173] Ten opsigte van filmbedrywe het die Uitspan Inryteater Eiendoms Beperk en Lomond Eiendoms

---

[166] West Rand Times en Wesrander, 3.10.1959, p.4.
[167] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 14.1.1960.
[168] Die Suid-Afrikaanse Stem, 20.3.1960, p.1.

[169] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J. Letourneau (Beampte, Carletonville-Ontspanningsklub), 6.6.1991.

[170] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notules, 4.2.1960 tot 4.2.1974.

[171] Kyk ***Hoofstuk Twee**,* p.34 en Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Said-Afrikaanse Munisipale Jaarboek,*** 1974, p.253.

[172] Kyk as voorbeeld die ***Carletonville Herald**,* 2.10.1964, p.1 asook 9.10.1964, p.1; 12.12.1964, pp.1-3 en 5.7.1972, p.6.
[173] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notules, 21.7.1959, 25.8.1959 en 1.10.1959 as voorbeelde.

Beperk vanaf onderskeidelik 1959 en 1960 persele in die Carletonville-gebied vir die oprigting van inryteaters benut.[174]

Ontspanningsaktiwiteite het, to midde van 'n getwis oor die onstabiliteit van die grond in die gebied en die onttrekking van die ondergrondse water teen 1969,[175] nie in die niet verdwyn nie. Inteendeel, gedurende hierdie krisisjaar is daar selfs na die ontspanningsbehoeftes van die senior burgers van die gebied omgesien toe die Rus-'n-Bietjie-Klub vir bejaardes op 12 November gestig is.[176]

Die Rus-'n-Bietjie-Klub, op inisiatief van die A. van der Westhuizen-egpaar gestig, se doel was om by wyse van 'n potpourri van ontspanningsaktiwiteite en gesellighede die senior burgers sosiaal te betrek. Vereensaming sou dan terselfdertyd die hoof gebied kon word. Hierdie klub was van embriostadium af sy naam waardig. Dit is goed ondersteun, en die klub was baie aktief en goed georganiseer.[177] Derhalwe is dit nie vreemd dat bejaardes van selfs buite die munisipale grense van Carletonville by die Rits-'n-Bietjie, soos die klub spottenderwys bekend gestaan het, aangesluit het nie.[178]

Op die oog af is die kultuurbelewing binne die Carletonville-gebied geensins deur die maer sestigerjare[179] benadeel nie. Musiekgroepe en toneelverenigings het ongestoord hul gang gegaan,[180] en die hou van velerlei skoolkonserte was aan die orde van die dag.[181] Nog kultuurorganisasies het ook gedurende die jare sestig die lig gesien, waaronder die Carletonville-Rapportryers (1960) en die Gatsrand-Blyvoor-Rapportryers (1968). Die vernaamste doelwit van hierdie nasionaal-geïnspireerde verenigings is om Afrikaanstaliges,

---


[174] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules: notule, 12.1.1959 asook CM, Raadsnotules: notule, 4.2.1960.
[175] Kyk ***Hoofstukke Drie****,* pp.84-91 en ***Vier,*** pp.135,191.
[176] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A. en C. van der Westhuizen, 24.9.1990.
[177] Rus-'n-Bietjie-Klub (Carletonville), Presensieboek: presensieregister, 1969-1974 asook Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A. en C. van der Westhuizen, 24.9.1990.

[178] ***Carletonville Herald****,* 18.2.1972, p.1 asook 20.3.1981, p.2 en ***Die Vaderland****,* 2.5.1974, p.3.
[179] **Carletonville Herald**, 26.4.1963, p.1 en **Hoofstuk Twee**, pp.32-36.

[180] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C. Rautenbach, 13.10.1990 asook A. en C. van der Westhuizen, 24.9.1990 en ***Carletonville Herald****,* 12.12.1964, pp.1-3.

[181] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…, pp.114-115,121.

**Die moderne burgersentrum wat ook 'n openbare biblioteek akkommodeer, 1980.**




Bron: Carletonville openbare biblioteek.

by wyse van gesamentlike byeenkomste, te verenig.[182] Die insameling van geld met die oog daarop om onder meer die bedrywighede van die plaaslike Voortrekkerkommando te help finansier, het mettertyd deel van die doelwitte van die Carletonvillese Rapportryers gevorm.[183]

In die vroeë sestigerjare is aandag ook aan die uitbreiding van die plaaslike biblioteekfasiliteite geskenk. Die ledetal van die vier biblioteekdienspunte wat in die jare vyftig bepaal is, naamlik Carletonville, Blyvooruitzicht, Welverdiend en Bank, het in hierdie stadium gesamentlik 2 806 getel,[184] waardeur 'n stewige 16,5% van die totale blanke bevolking in die Oberholzer-distrik verteenwoordig is[185] en dit 'n aanduiding is dat hierdie diens goed ondersteun is. Die Stadsraad en die Blyvooruitzicht-goudmynmaatskappy was die instansies wat veel gedoen het om die doeltreffendheid van die plaaslike biblioteekdiens te verhoog.[186] Teen 1974 het die Stadsraad ook 'n aanvang met sy lang gekoesterde ideaal, naamlik 'n eie burgersentrum wat onder meer 'n moderne biblioteek insluit, gemaak. Die oprigting van die biblioteek is een van die eerste sake binne hierdie projek waaraan aandag geskenk is.[187]

Die ontplooiing van Carletonville binne die raamwerk van bepaalde ekonomiese dryfkragte het, naas die invloed daarvan op die ontwikkeling van die reeds vermelde terreine en kultuur aangeleenthede, ook natuurlikerwys neerslag in sy bydrae tot volksfeeste gevind. 'n Volksfees soos byvoorbeeld Uniefees, wat later na Republiekfees herdoop is, maak al sedert

---

[182] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C. Rautenbach, 13.10.1990 en ***West Rand Times en Wesrander**,* 7.7.1961, p.1.

[183] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.F. Schnetler, 13.10.1990.


[184] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 12.12.1960 asook verslag, stadsklerk, 27.2.1961, pp.52-54.

[185] Die persentasieberekening is gemaak deur die totale bevolkingstal in berekening te bring. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Bevolkingsensus, verslag no. 02-85-01, ***Geografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1960-1985**,* 1985, p.390.

[186] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 12.12.1960 asook verslag, stadsklerk, 27.2.1961, p.54.

[187] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Carletonville Munisipale Jaarboek**,* p.253.

**Die nuwe polisiestasie van Carletonville in 1974.**



Bron: Carletonville Herald.

Carletonville se verkryging van munisipale status deel van die blanke bewoners se jaarlikse kulturele aktiwiteite uit.[188]

### *7.3.6 Wet- en ordestrukture*

Van staatsweë is daar gedurende die sinkgatperiode ook pogings aangewend om die toekoms van die dorpe in die Carletonville-gebied te bestendig. In 1968 is met die oprigting van 'n nuwe landdrosgebou, geleë in Van Zyl-Smitstraat, te Oberholzer-dorp begin. Die nuwe gebou is op 14 Februarie 1969 deur die sekretaris van Justisie en boorling van die gebied, mnr. J.N. Oberholzer, geopen.[189] Kort na die inwyding van die nuwe gebou is die ou Ianddrosgebou deur die Gatsrandkommando oorgeneem, gerestoureer, en in September 1973 in gebruik geneem.[190] In hierdie stadium het die kommando sy pligstaat uitgebrei deur bystandshulp aan die plaaslike brandweer en polisiediens te bied.[191] Dit was egter teen 1974 nog nie vir die kommando nodig om hulp te verleen nie.

Wat die stand en ontwikkeling van die polisiediens in die Carletonville-gebied betref, wil dit voorkom asof hul van-dag-tot-dag-aktiwiteite gedurende die sestigerjare grotendeels rustig en volgens roetine verloop het. Sekerlik die vernaamste onrustigheid in hul roetine was die grondversakkings waarmee hul indirek gemoeid was. By tye moes die polisie versakkings bewaak en toesien dat nalatige nuuskieriges nie uiteindelik ook deel van die natuurfrats word nie.[192] Andersins was daar in die loop van 1959 tot ongeveer 1970 geen opmerklike prestasies of selfs uitbreiding nie. Laasgenoemde kan grotendeels aan die jare van wantrouigheid jeens Carletonville toegeskryf word.

---

[188] As voorbeeld kyk Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules:notule, 15.10.1959 en ***Carletonville Herald****,* 26.5.1988, p.1.


[189] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.H. Barnes (Hooflanddros, Carletonville), 25.2.1992.

[190] Carletonville Herald, 14.9.1973, p.1.

[191] TBP, MCV, lêer 12/5(1), Burgerlike beskermingsdienste, 1968-1972: brief, Brandweerhoof/Kolonel RR.F. Brown, 1.10.1971 asook 12/5(2), Burgerlike beskermingsdienste, 1972-1976: brief, Kommandant A.E. van Straten/Stadsklerk, 7.9.1976.

[192] ***Carletonville Herald,*** 7.8.1964, pp.1-2 asook 21.5.1965, p.1.

**J.C. Greyling.**



Bron: Carletonville Herald.

In 1971 het die owerheid met die bou van 'n moderne polisiestasie in die dorp Oberholzer (Adastraat) begin nadat dit jare lank op 'n tydelike grondslag in Carletonville gestasioneer was. Die R800 000-kompleks is op 20 Maart 1974 geopen, en dit het as die Oberholzer-polisiestasie bekend gestaan.[193] As sodanig het die opening van hierdie stasie sowel as die nuwe landdroskantoor, beslis daartoe bygedra om opnuut vertroue in die Carletonville-gebied te wek.

### *7.3.7 Die politieke klimaat te midde van die sinkgatepisode*

Na die afsterwe van Volksraadslid G.P. Brits in 1958, het dr. N. Diedericks die Losbergse kiesafdeling oorgeneem.[194] Dr. Diedericks, wat vir etlike jare ook die minister van Ekonomiese Sake was,[195] was sekerlik ingenome met sy nuwe politieke tuiste waar die ekonomiese ontwikkelingsgang van die Carletonville-gebied in sy fleur was, en reeds duisende tot die staatskas bygedra het.[196]

In 1966 het die Afbakeningskommissie van die Regering die grense van die kiesafdelings in die land hersien. Die resultaat hiervan was onder meer dat 'n kiesafdeling vir Carletonville bepaal is Dit het 'n einde aan die Carletonville-gebied se jarelange verbintenis met die Losberg-kiesafdeling gemaak. Alhoewel die nuwe kiesafdeling tot teenaan die oostelike grens van Ventersdorp gestrek het, het Carletonville met sy hoe bevolkingskonsentrasie die kern van die kiesafdeling gevorm.[197]

Dit was mnr. J.C. (Cas) Greyling van Ventersdorp wat in 1966 as genomineerde lid vir die NP die eerste volksraadslid van die nuwe kiesafdeling geword het Hy het die setel

---

[193] Potchefstroom-polisie, Afdeling openbare betrekkinge (Potchefstroom), dokumentasie Oberholzer-polisiestasie: brief, Afdelingskommissaris/Distrikskommissaris, 12.2.1974 asook verslag, amptelike opening, 20.3.1974. Die naam van die polisiestasie het in 1990 verander na Carletonville-polisiestasie. Kyk Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, E.J. Niemandt (Stasiebevelvoerder, Carletonville), 4.12.1990.

[194] B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976, p.371.
[195] T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modem history***, fourth edition, p.352.

[196] Kyk ***Hoofstukke Twee***, pp.28-31 ***en Vier***, pp.189-190,192-195.

[197] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Greyling (Oud-Volksraadslid, Carletonville), 30.9.1991.

gedurende die verkiesing die jaar met 3 807 stemme teenoor die 2 240 stemme van mnr. W.G. PyneMereier van die VP gewen.[198] Ofskoon dit 'n oortuigende meerderheid van 1 567 stemme vir die NP was, is dit moontlik dat die sinkgatkwessie te Carletonville, en die VP se voorverkiesingsaanklag dat die NP die bewoners van die gebied 'n valse hoop rakende hul toekoms gegee het en dit ook as 'n ***voorverkiesingsfoefie*** gebruik het,[199] wel die NP etlike stemme gekos het. Hierdie standpunt blyk ook uit die reaksie van die Carletonvillese Eiendomsbesittersvereniging, die plaaslike Sakekamer, die Kamer van Koophandel en die SAVF-Oberholzer-tak vroeër die jaar. Hulle het gemeen dat die Regering slegs vertroue by die Carletonvillers en beleggers sou wek indien die veiligheid van alle erwe gewaarborg word, en waar dit nie moontlik is nie eienaars te vergoed.[200] Volgens die uitkoms van gebeure lyk dit asof die regering nie veel hierop gereageer het nie en by implikasie die bestaande uitbetaalstelsel van die Dolomitiese Waterraad goedgekeur het.[201]

Mnr. Cas Greyling het gedurende sy termyn as die Carletonvillese volksraadslid, wat by wyse van spreke op 'n sinkgatagtige noot begin het, daartoe meegehelp om vertroue en stabiliteit in Carletonville te skep.[202] Hierbenewens het by ook die 1966-stakings by die plaaslike goudmyne suksesvol ontlont en sodoende 'n volgehoue produksie sonder 'n verlies van inkomste vir die goudmyne verseker.[203] Teen 1974, toe die gety van voorspoed weer gaandeweg in die guns van Carletonville gedraai het, was mnr. Greyling steeds die volksraadslid vir die gebied.[204]

### *7.3.8 Grondverskuiwings gedurende die periode 1959 tot 1974 in oënskou*

Uit die voorafgaande bespreking van die tydperk 1959 tot 1974 blyk dit dat die grondverskuiwings gedurende die jare sestig aanvanklik nie te ernstig deur die breë

---

198 B.M. Schoeman, ***Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika****, 1910-1976,* p.430; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Greyling, 13.3.1991 en ***Herald vir die Goue Weste****,* 1.4.1966, p. 1.

199 ***Sunday Times****,* 20.3.1966, p.1 en Republiek van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad****,* 29.5.1969, kolomme, 7067-7069.

200 ***Die Vaderland****,* 9.2.1966, p.1 en ***Sunday runes****,* 20.3.1966, p.1.


201 Kyk ***Hoofstukke Twee****,* p.35 en ***Drie,*** pp.87-89.

202 Republiek van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad****,* 29.5.1969, kolonune, 7067-7069 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Greyling, 30.9.1991.

203 Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Greyling, 30.9.1991.

204 Carletonville Herald, 9.12.1977, p.3.

**Die sinkgat op Blyvooruitzicht, 3 Augustus 1964.**



Bron: B. Jacobs.

gemeenskap opgeneem is nie.[205] Ewe ligtelik is in 'n persberig opgemerk dat die Carletonvillers die ***nuuskieriges snaakser as die barste*** vind.[206] Die landbou, die dienste van die kommunikasienetwerk en die sakesektor het veral sedert 1963 die ontwrigting wat deur sinkgate veroorsaak is, meer intens ervaar.[207]

Onder sakelui en voornemende huiseienaars was 'n geringe mate van huiwering met betrekking tot die koop van erwe in Carletonville teen 1964 en 1965 te bemerk.[208] Ten spyte hiervan het die plaaslike owerheid steeds voortgegaan om die plaaslike infrastruktuur uit te brei, aangesien die groeiende plaaslike bevolkingstal dit steeds vereis het. Met die nuut toegevoegde Western Deep Levels-goudmyn kon dit ook sekerlik nie anders nie, omdat die myn as nuwe groeipunt die plaaslike ekonomie en gemeenskap van hernude groeivooruitsigte verseker het.[209]

Hierop was die sinkgatramp in die Westdene-woongebied van Blyvooruitzicht in Augustus 1964 'n tyd lank die vernaamste geestelik ontwrigtende faktor, veral onder die bewoners van die Blyvooruitzicht-gemeenskap, sowel as vir die gebied se beeld na buite.[210] Die somtyds ongure publisiteit wat die pers hieraan gegee het, het ook paniek en onsekerheid gewek.[211]

Van 'n grootskaalse uittog na die sinkgatvoorvalle in 1964 was daar egter nie sprake nie.[212] Stellig die belangrikste rede hiervoor is die plaaslike myne se voortsetting van hulle bedrywighede te midde van die rumoer oor die grondverskuiwings.[213] Finansiële oorwegings by mynwerkers het skynbaar ook 'n rol gespeel, aangesien sommige nie kans gesien het om

---

[205] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 3.1.1962.

[206] Die Suid-Afrikaanse Stem, 29.9.1963, p. 1.

[207] Kyk ***Hoofstuk Ses***, pp.250-252,261-263; ***Drie***, pp.86-91 en ***Vyf***, pp.218-223.

[208] Carletonville Herald, 1.2.1965, p.2.

[209] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 15/4/2-2/1276, Stadsbeplanning en ontwikkelingsbeheer, 196263. Kyk ook ***Hoofstukke Thee***, p.32 en ***Vier***, p.170.

[210] ***Carletonville Herald***, 7.8.1964, p.6 asook 2.10.1964, p.1; ***The Star***, 5.9.1964, p.1 en ***West Rand Times en Wesrander***, 7.8.1964, p.1. Kyk ook ***Hoofstukke Twee***, p.33 en ***Ses***, pp.251,261.

[211] Vergelyk ***The Star***, 5.9.1964, p.1 en ***Herald vir die Goue Weste***, 30.4.1965, p. 1.

[212] ***Die Transvaler***, 20.10.1964, p.2 teenoor die koerant ***The Star***, 5.9.1964, p.1 wat berig dat enkel bewoners van die Blyvooruitzicht-gemeenskap wel wil verhuis.

[213] Kyk ***Hoofstukke Twee***, p.37 en ***Vier***, pp.120-192 met betrekking tot die geskiedenis van elke myn.

van hul werknemerspakket of te sien nie.[214] Moontlik sou dieselfde van die sakelui gesê kon word, aangesien Carletonville in hierdie stadium steeds 'n gunstige handelgebied was, al was die sakebedryf nie in hierdie stadium so florerend soos dit kon wees nie.[215]

Tog moes die stadsvaders en die sakesektor van Carletonville wel toesien hoe kommer en teleurstelling vername lede van die sakegemeenskap se vertroue in die gebied geleidelik laat verkrummel het.[216] Die toenemende wantroue was deels ook daaraan te wyte dat enkele verbindingsroetes na dorpe buite die gebied vanweë die grondverskuiwings tydelik of permanent gesluit is. Dit het die Carletonvillese besighede 'n tyd lank deels geïsoleer.[217]

Vir die Stadsraad sowel as vir die mynowerhede wat grotendeels die blaam vir die toedrag van sake moes dra, was die vermelde krisisse 'n terugslag; veral finansieel het dit vir beide instansies heelwat uit die sak gejaag. Hieronder tel die uitbetaling van skadevergoeding deur die mynowerhede asook die Stadsraad se herstel van beskadigde geboue, die stormwaterdreineringstelsel en die interne padnetwerk.[218] Al hierdie uitgawes moes indirek tog die voltooiing van ander projekte in die wiele gery het, waarby die plaaslike infrastruktuur en gemeenskap heelwaarskynlik andersins sou gebaat het. Met staatshulp is gepoog om die vertroue van die gemeenskap in die Carletonville-gebied te herwin.[219] Hiervan is die reeds vermelde oprigting van die nuwe polisiestasie in 1974 'n voorbeeld.[220] Al die vertrouwekkende pogings van die Stadsraad, die mynbousektor en die Regering het egter nie oornag resultate opgelewer nie. Carletonville het dus inderdaad makliker daarin geslaag om ***die wêreld gat bewus***[221] te maak as wat by daarin kon slaag om die teendeel te verkry.[222]

---

[214] **West Rand Times en Wesrander**, 14.8.1964, p.2 en **The Star**, 5.9.1964, p.1.
[215] Kyk ***Hoofstuk Vyf****,* pp.219-220.
[216] TAB, MCV, Band 38, lêer 34/1/4(b), Formasie, veiligheid met betrekking tot standplase: brief, A.C.M. Pretorius/Stadsingenieur, Carletonville, 23.6.1965 en ***Carletonville Herald****,* 18.2.1966, p.1. Kyk ook ***Hoofstuk Vyf****,* pp.219-222.
[217] Kyk ***Hoofstuk Ses,*** pp.251-253,260-263 en ***Herald vir die Goue Weste****,* 14.5.1965, p.1.
[218] Kyk **Hoofstukke Twee**, p.37 en **Vier**, p.191.
[219] Herald vir die Goue Weste, 26.8.1966, p.1.

[220] Kyk teksinligting by 7.3.6 en voetnoot 188 van hierdie hoofstuk, p.317.

[221] Carletonville Herald, 28.2.1964, p.3.

[222] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notules, 1966-1968 en ***The Star****,* 17.4.1967, p.1.

Die terugslag wat Carletonville getref het, word nie in die blanke bevolkingsgroei van die gebied weerspieël nie. In 1960 was daar sowat 16 986 blankes in die gebied woonagtig, en die het in 1970 tot 22 416 gestyg.[223] Teen 1974 het die getal al op 25 000 gestaan.[224] Uit die voorafgaande bespreking in afdeling 7.3, pp.305-320 word dieselfde tendens van voortgesette groei in bykans elke faset van die gemeenskap opgemerk. Dit lyk dus asof die sinkgatstigma en -vrees teen 1974 nog grotendeels 'n probleem was waarmee mense buite Carletonville geworstel het.[225] Dit geld ook vir potensiële beleggers wat moontlik hierdeur afgeskrik is.

Danksy veral die onophoudelike aansporing en prikkeling van die onderskeie ekonomiese sektore, het die gemoedere in Carletonville oor sinkgate gedurende 1973-74 al bedaar, gevolglik was daar feitlik geen fut meer in die skade wat sinkgate vir die gemeenskap berokken het nie. Van sinkgate wat nog sporadies voorgekom het, het bewoners net kennis geneem. Geen ophef is soos voorheen daaroor gemaak nie.[226] Dit wil eerder voorkom asof die afgelope jare se soms sensasiewekkende beriggewing 'n afstomping by die gemeenskap jeens sinkgate laat posvat het.

### *7.4 HERSTELDE VERTROUE, TOENEMENDE GEMEENSKAPSBETROKKENHEID EN POLITIEKE TWIS: DIT IS CARLETONVILLE BINNE 'N POTPOURRI VAN AANGELEENTHEDE IN DIE TYDPERK, 1975-1988*

Die herstelde vertroue in Carletonville het geleidelik van die middel-sewentigerjare of op dreef gekom. Dit word in letterlik elke plaaslike sektor sowel as op die infrastrukturele gebied weerspieël. Sommige terreine het egter sedert 1975 tot 1988 'n besonderse uitbreidingstempo, vanweë 'n steeds dinamiese ekonomiese tempo in die munisipale gebied,

---


[223] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Bevolkingsensus, verslag no. 02-85-01, ***Geogmfiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1960·1985***, 1985, p.390.

[224] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suid·Afrlkaanse Munisipale Jaarboek***, 1974, p.252.

[225] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.E. Labuschagne, 15.10.1990 en ***The Star***, 17.4.1967 as voorbeelde van uitsprake oor die indrukke van bewoners buite Carletonville.

[226] **Die Transvaler**, 23.6.1973, p.1 asook 27.6.1973, p.2; **Herald vir die Goue Weste**, 21.4.1972, p.1 en **Carletonville Weekly Record**, 9.7.1976, p.1.

**Konstruksie van die Sybrand van Niekerk-hospitaal teen 1975.**



Bron: Antonica's Foto's.

**Die Sybrand van Niekerk-hospitaal na voltooiing, 1977.**



Bron: C.G. Hartzer.

ondervind teenoor die wat weer oorwegend langsamer gegroei het. Die terreine waar die invloed van ekonomiese ontwikkeling steeds sterk gefigureer het, is die onderwys, die diensorganisasies en die politiek. Daarteenoor het die kerke, die mediese, die wet en orde- en die wort- en ontspanningsterrein meer staties vertoon.

### *7.4.1 Die stand van mediese dienste, kerke, wet- en ordestrukture sowel as die terreine sport, kultuur en ontspanning*

#### *7.4.1.1 Gesondheidsdienste*

Die lewering van gesondheidsdienste in die munisipale gebied van Carletonville het eers werklik volle wasdom bereik toe die Carletonvillese Kinderleidingkliniek in Mei 1977,[227] sowel as die Sybrand van Niekerk-[228]provinsiale hospitaal op 1 Julie dieselfde jaar, geopen het.[229] Daarmee is die ambulansdiens wat vir etlike jare lank deur die diensorganisasie Rotara en daarna deur die Stadsraad behartig is, ook deur die TPA oorgeneem.[230] Hiermee is die jarelange gebrek aan behoorlike gesondheidsdienste vir die breë publiek beëindig. Vroeëre dienste wat deur die Oranje-Kraaminrigting en die ou Blyvooruitzicht-hospitaal aan die blankes gelewer is, het met die opening van die nuwe hospitaal hulle dienste opgeskort om sodoende geneeskundige dienslewering in die gebied to help konsolideer.[231]

#### *7.4.1.2 Kerklike aktiwiteite*

Wat die posisie van kerke betref, was daar al sowat 21 genootskappe teen 1975 binne die Carletonville-gebied bedrywig.   Aangesien die bevolking van die gebied egter steeds toegeneem het, het die afstigting van dogter-gemeentes in die tagtigerjare in Carletonville voorgekom, en wel onder Afrikaanstalige kerke. Hieronder tel die NG-


---

[227] Carletonville Weekly Record, 9.5.1977, p.1.
[228] S.G.J. van Niekerk, na wie die Carletonvillese hospitaal vemoem is, was ten tyde van die opening van die hospitaal die administrateur van Transvaal. Daarmee is sy bydrae tot die besluitnemingsproses met betrekking tot die bou van die hospitaal vereer. Kyk ***Carletonville Weekly Record****,* 20.5.1977, p.1.

[229] Carletonville Herald, 8.7.1977, p.1.


[230] TBP, MCV, lêer 2/1(2), Ambulansdienste: notule, Bestuurskomitee, 25.7.1978 asook 15.1.1982.
[231] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C.P. Wolmarans (Oud-matrone, Oranje-Kraaminrigting, Carletonville), 20.9.1989 asook ***Carletonville Herald****,* 15.7.1977, p.1.

**Die kerkgebou van die AGS-gemeente, Oberholzer.**



Bron: S.C. Kirchner.

**Kerkgebou, Oberholzer-Wes NG-gemeente.**



**Hoeksteenlegging NG-gemeente Oberholzer-Wes.**




Bron: Carletonville Herald.

ondervind teenoor die wat weer oorwegend langsamer gegroei het. Die terreine waar die invloed van ekonomiese ontwikkeling steeds sterk gefigureer het, gemeente Oberholzer--Wes wat in 1979 begin is,[232] die AGS-gemeente Oberholzer wat in 1981 van die gemeente in Carletonville afgestig het,[233] sowel as die NG-gemeente Carletonville-Wes wat in 1987 gevorm is.[234]

Benewens die 23 gemeentes wat teen 1988 in die gebied voorgekom het, het 'n ander kleiner kerk, naamlik die Sewende Dag Adventiste hul ook in die gebied gevestig.[235] Die ekonomiese stabiliteit wat in Carletonville bestaan het, het daarmee ook die teenwoordigheid en aktiwiteite van kerke sedert 1975 tot 1988 op 'n vaste grondslag geplaas en verseker.

#### *7.4.1.3 Sport-, ontspannings- en kulturele geriewe*

Die vestigingspatroon van sport-, ontspannings- en kulturele aktiwiteite en fasiliteite het ook in 1975 al grotendeels 'n versadigingspunt en 'n mate van bestendigheid bereik. Behalwe dat elke goudmynmaatskappy in hierdie stadium oor voldoende sport- en ontspanningsfasiliteite beskik het,[236] is die Carletonvillese Ontspanningsklub ook oorwegend deur die plaaslike goudmyne uitgebrei en in stand gehou.[237] Vergeleke hiermee was die Stadsraad se oprigting en instandhouding van soortgelyke dienste, wat teen 1988 verspreid in die gebied voorgekom het, minimaal.[238] Die beskikbaarheid van fasiliteite op hierdie terreine was dus oorwegend aan die bemoeienis van die mynbousektor to danke.

Kulturele aktiwiteite in enige samelewing is, in teenstelling met sport- en ontspanningsaktiwiteite, meer aan private inisiatief en dryfkrag blootgestel. Dit geld veral vir plaaslik geïnspireerde kultuurorganisasies wat op die ondersteuning van individue vir effektiewe funksionering staatmaak. Gevolglik is dit geen vreemde verskynsel wanneer dergelike organisasies binne 'n bepaalde samelewing verdwyn, of dit mettertyd plek vir nuwe soortgelyke organisasies maak nie. In Carletonville het dieselfde patroon hom ook

---

[232] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, S. van Rensburg, 12.11.1990.

[233] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A. Swanepoel, 12.11.1990.
[234] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, F.S. van Rensburg, 12.11.1990.
[235] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 2: brief, Stadsraad, Carletonville/E.S. van Eeden, 22.11.1988.
[236] Kyk ***Hoofstuk Vier***, pp. 120-189 met betrekking tot elke myn se ontspanningsgeriewe.
[237] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J. Letourneau, 6.6.1991.
[238] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notules, 1975-1988.

gedurende die jare heen afgespeel. So byvoorbeeld was die eens roemryke Apollo-koor sowel as die toneelgroep, die Carletonvillese Playmakers, al in die jare sewentig deel van die aangename kulturele herinneringskat van die gebied.[239]

Kultuurverenigings, naamlik die Kunswedstrydvereniging en die Musiekvereniging, was teen 1975 steeds in diens van die Carletonvillese samelewing.[240] Geen verdere noemenswaardige kulturele aktiwiteite tot 1988 word met Carletonville geassosieer nie. Dit lyk dus asof die ontwikkelingsgang van die plaaslike ekonomie nie 'n beduidende invloed op die kulturele bedrywighede van die blanke gemeenskap uitgeoefen het nie.

#### *7.4.1.4 Wet- en ordestrukture*

Wet- en ordestrukture in Carletonville was vanaf 1975, in teenstelling met hul aktiwiteite gedurende die sinkgatera, meer funksioneel en aktief. Die hulp van die plaaslike polisie en kommando is veral tydens plaaslike mynstakings benut.[241] Voorts het die bevolkingsgroei in die gemeenskap uiteraard ook die getal oortreders laat toeneem, wat mettertyd hoër eise aan die handhawing van wet en orde gestel het.[242]

### *7.4.2 Die gesteldheid van die onderwys, die diensorganisasies en die politiek in Carletonville*

#### *7.4.2.1 Onderwys*

Die eerste skole wat gedurende die periode van herstel in die Carletonville-gebied geopen is, was op myngrond. Dit is naamlik die Laerskool Oos-Driefontein (1979) by die Oos-Driefontein-myn en die Kleuterskool Timbertwig op die eiendom van die Western Deep Levels-myn.[243] Die Bambiland Privaat Kleuterskool is die enigste opvoedkundige inrigting wat gedurende hierdie jaar, sonder die direkte betrokkenheid van 'n plaaslike goudmyn geopen het. Die sake- en industriële sektor se indirekte invloed, deurdat moeders

---

[239] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A. en C. van der Westhuizen, 24.9.1990.
[240] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C. Rautenbach, 12.11.1990.
[241] ***Sunday Times***, 16.3.1986, pp.1-2; ***The Star***, 17.2.1986, p.1 en ***The Citizen***, 18.3.1986, p.3.
[242] ***Carletonville Herald***, 19.11.1976, p.1 asook 11.2.1983, p.1; 25.2.1983, p.1 en 23.12.1988, p.1.
[243] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…, pp.44-48.

toenemend die plaaslike arbeidsmark betree het,[244] is 'n vername rede waarom pre-primêre inrigtings in Carletonville toegeneem het. Gedurende 1981 tot 1985 was daar 'n grootskaalse opening van kleuterskole in die gebied. Dit is naamlik die Pikkie Kleuterskool (1981), die Pinnochio Kleuterskool (1981), die Smurfieland Privaat Kleuterskool (1982), die Jan Groentjie Privaat Kleuterskool, die Goosy Gander Kleuterskool (1985), gevolg deur die Elandsrand Kleuterskool in 1986.[245] Die opening van die Onderwyshulpsentrum in 1983, die nuwe Tegniese Kollegegebou met skenkings deur die Anglo American-Groep in 1984[246] en die Tweede Afrikaans Medium Hoërskool in 1986,[247] het in die proses ook almal 'n bydrae gelewer om die vertroue in die gebied te verstewig. Die uitwerking van die plaaslike ekonomie op die doen en late van die gemeenskap is terselfdertyd ook hiermee blootgelê.

Dit is opmerklik dat dit oorwegend pre-primêre skole is wat gedurende 1975 tot 1988 geopen is. Daarmee word veronderstel dat die Carletonville-gemeenskap, ten spyte van 'n bevolkingstoename na. 1975, oor genoegsame primêre en sekondêre instellings beskik het om aan die onderwysbehoeftes van die gemeenskap te voldoen. Soos by kerkvestiging opgemerk is, is dit by onderwysaangeleenthede net Afrikaanstaliges wat 'n bykomende sekondêre skool gedurende die jare tagtig vereis het.

#### *7.4.2.2 Diensorganisasies versus gemeenskapsbetrokkenheid*

Van al die samelewingskomponente was diensorganisasies gedurende 1975 tot 1988 die terrein wat die meeste in Carletonville ontplooi en ontwikkel het. Dit is grotendeels daaraan toe te skryf dat die vestigingspatroon gedurende hierdie periode sy groei voltooi het, wat gevolglik toenemende gemeenskapsbetrokkenheid met betrekking tot die instandhouding van die gevestigde samelewing geverg het.

---

[244] Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, verslag no. 02-05-06, Beroep en nywerheid volgens distrik en ekonomiese streek, 1970, 1970, p.51 asook verslag no. 02-85-03, Nywerheid volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik, 1985, 1985, p.111.

[245] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…, pp.35-51.

[246] **Carletonville Herald**, 11.5.1984, pp.1-2.

[247] M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing…, p.122.

Binne die Carletonville-gemeenskap het die SAVF-Oberholzer-tak se maatskaplike afdeling gedurende die tagtigerjare byvoorbeeld toenemend aandag aan die finansieel behoeftiges, die met gesinsprobleme sowel as aan die alkohol- en dwelmverslaafdes aandag begin gee.[248] 'n Meer gespesialiseerde diens ten opsigte van die rehabilitering van alkoholiste word sedertdien deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkoholisme (SANRA)-tak te Randfontein gelewer. 'n Terapeut van die tak se weeklikse besoek aan Carletonville is aangevul deur die dienste van die Alkoholiste Anoniem (AA)-tak van Carletonville wat hoofsaaklik uit gerehabiliteerde alkoholiste bestaan, en wat weeklikse ontmoetings het.[249]

In 1981 is die Ondersteuningsraad-tak in Carletonville deur die NHK geopen om 'n soortgelyke diens as die maatskaplike werkers van die SAVF-Oberholzer-tak en die KMD-tak te verrig.[250] 'n Noodlyn/Life Line-tak het ook gedurende hierdie jaar te Carletonville geopen, en professionele lui in die gemeenskap het by wyse van telefoniese skakeling diegene wat hulp en raad soek, bemoedig.[251] Al hierdie dienste het, soos in die verlede, finansiële steun van die sakegemeenskap vir die uitvoering van die vermelde pligte ontvang.[252] Hierdie verskeidenheid dienste wat in Carletonville gelewer is, het teen 1982 daartoe gelei dat die Gemeenskapsentrum van die SAVF-Oberholzer-tak geopen het met die doel om as sentrale liggaam alle hulpdienste in die gebied te koördineer.[253]

Voorts het die Oberholzer-tak van die SAVF se jarelange pogings om die oprigting van huise vir bejaardes in Carletonville goedgekeur te kry, teen Desember 1983 geslaag.[254]

---

[248] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Jaarverslae: jaarverslag, 1.4.1980 - 31.3.1981.

[249] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, I. de Beer (Maatskaplike werkster, Carletonville), 10.9.1990.

[250] Anon., "Die Ondersteuningsraad", ***Nederduitsch Hervormde Kerk Afrika**,* 1985, pp.1-8.


[251] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, O.M. Johnson (Direktrise, Noodlyn Carletonville), 19.12.1990 asook Verw. 2: brief, O.M. Johnson/E.S. van Eeden, 20.12.1990.

[252] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, Bestuurskomitee, 13.9.1983 en Anon., ***Life Line**,* (s.j.).

[253] Carletonville Herald, 25.6.1982, p.4.

[254] ***Carletonville Herald**,* 9.12.1983, p.3 asook 13.1.1984, p.1.


**Die Carletonville Herald se voorstelling en propaganda vir Projek 700 000**




Illustrasie: *Carletonville Herald,* 25.2.1983.

**Die Senatus-Dienssentrum in wording:**

***beplanningsstadium.**



*** voltooide Senatus-Dienssentrum.**



Bron: E.J. Nefdt.

**Die gedenkplaatonthulling en opening van Senatus, 18 September 1983.**





Bron: E.J. Nefdt.


**B.H. Wilkens**



**W.J. Landman**



**P.J. Paulus.**



Die sakesektor van Carletonville, sy diensorganisasies en die plaaslike gemeenskap, het hierdie projek, bekend as Projek 700 000 heelhartig ondersteun en ruim bydraes geskenk,[255] selfs nog voor amptelike goedkeuring hiervoor verkry is. Die projek is in 1984 voltooi, en die behuisingskompleks sowel as die dienssentrum, genaamd Senatus, is luisterryk geopen. Die woord Senatus beteken oudste, en dit is 'n heenwysing na die ***"oudste"*** inwoners.[256] Die dienste en aktiwiteite wat vir bejaardes binne Senatus gelewer is, het egter die doel van die Rus-'n-Bietjie-Klub in so 'n mate oorgeneem dat dit tot die klub se ontbinding en ***"ewige rus"*** in 1988 gelei het.[257]

Gedurende 1986 tot 1988 is nog ontwikkelingsprojekte deur die SAVF-Oberholzer-tak geloods waarby ander diensorganisasies ook indirek, by wyse van fondsinsameling, betrokke was. Gevolglik is dit vir die Oberholzer-tak moontlik gemaak om sy dienste uit te brei deur onder meer die stigting van 'n dagsorgvereniging, die implementering van 'n Persoonlikheidsverrykingsprojek,[258] en 'n Red-en-Rek-Finansprojek,[259] sowel as 'n Na-egskeidingsaktualiseringsprogram.[260]

In 1986 is nog 'n diensorganisasie in die gebied begin, naamlik die Barbara-Sentrum vir Persoonsontwikkeling.[261] Dit is die eerste volwaardige sielkundige diens wat vir mynwerkers in die gebied, onder leiding van die Kamer van Mynwese, beskikbaar gestel is.[262] In 1988 het die Barbara-Sentrum in 'n koördinerende hoedanigheid met die ander maatskaplik-gerigte organisasies in die gebied saamgespan, en 'n projek, genaamd Projek 2 000 geloods. Die doel hiervan was om jeugprobleme te ondersoek en onder die aandag van skoolhoofde te bring. Hierbenewens is 'n Expo ook jaarliks aangebied, waartydens plaaslike bronne aan die Carletonville verbruiker bekend gestel is.[263]

---

[255] Carletonville Herald, 25.2.1983, p.4.
[256] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), ***Senatus,*** p.49.
[257] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A. van der Westhuizen, 24.9.1990.
[258] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Jaarverslae: verslag, 1 April 1988 - 31 Maart 1989. Hierdie projekte is in 1987 van stapel gestuur.

[259] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Inligtingstuk: Red en Rek finansprojek, 24.9.1987, pp.1-33.
[260] SAVF-Oberholzer-tak (Carletonville), Inligtingstuk: Na-egskeidingsprogram, 30.6.1988.
[261] Die naam van die Sentrum is aan die Christelike legende ontleen. Daarin is Barbara as 'n beskermheilige, wat onder meer gewaak het oor die ondergrondse werkers, bekend. Kyk ***Ensiklopedie van die Wêreld****,* vol. II (BKK-CLL), p.59.
[262] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, F.J. Cronje (Hoof, Barbara-Sentrum), 15.10.1990.
[263] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, S. Roestenburg (Maatskaplike werkster, Barbara-Sentrum), 18.12.1990.

Op internasionale vlak is dit bekend dat die kenmerke van 'n ontwikkelende gemeenskap die maatskappy is wat self sy probleme identifiseer en eiesoortige planne en programme aanwend om probleme op te los.[264] Carletonville was inderdaad teen 1988 reeds só 'n gemeenskap binne 'n gevestigde ekonomiese bestel.

#### ***7.4.2.3 Politiekery en twis in die politieke proses van Carletonville***

Te midde van die proses van herstel en ongekende groei van Carletonville sedert 1975[265] het die res van suid-Afrika 'n moeilike tydperk beleef.[266] Op ekonomiese terrein was dit vir die land alles behalwe rooskleurig. Binne die politieke arena was grondwetlike en beleidsveranderinge te bespeur.[267]

Mnr. Cas Greyling van die Carletonvillese kiesafdeling het vir 'n opspraakwekkende paar maande in die politiek van Suid-Afrika gesorg toe hy hom op die vooraand van die November 1977-verkiesing as die enigste NP-volksraadslid onderskei het wat nie die nuwe driekamer-parlementêre voorstelle wou aanvaar nie. Sy poging om dr. Connie Mulder, die Transvaalse leier van die NP, op 12 September man-alleen tot ander insigte te bring, is op 14 September, tydens die Transvaalse Nasionale Party-Kongres, verder gevoer. Tydens die Kongresverrigtinge het Greyling die NP daarvan beskuldig dat dit ***besmet is met politieke immoraliteit*** [sic]. Dit het heelwat reaksie uitgelok en hy is gevolglik op 11 Oktober 1977 uit die NP geskors.[268]

Hierdie optrede van mnr. Greyling en die uitkoms daarvan het op die Carletonville-gemeenskap se politieke lojaliteit jeens die NP weinig invloed gehad.[269] Die geslaagde

---

[264] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, M.S. Ferreira (Dosent, Departement Maatskaplike Werk PU vir CHO), 13.3.1991.

[265] ***Carletonville Weekly Record,*** 26.9.1975, pp.1,9,17; TBP, MCV, lêer 73/5(8), Publisiteit: verslag, Carletonville, 1973/74, pp.1-3.

[266] Kyk ***Hoofstuk Een***, pp.12-14.

[267] T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history***, fourth edition, pp.381-383

[268] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Greyling, 30.9.1991. Vergelyk ook ***Carletonville Herald***, 21.10.1977, p.3.

[269] Die gevolgtrekking word gemaak op grond van die plaaslike koerante wat geraadpleeg is en waarin weinig reaksie oor J.C. Greyling se "rebelse" optrede berig is. Dit het ook geen reaksie van lesers ontlok nie. Kyk onder meer na die ***Carletonville Weekly Record***, 25.11.1977, p.1.

voorverkiesingspropaganda van die NP,[270] wat die hou van etlike politieke vergaderings deur vername volksraadslede ingesluit het,[271] het mnr. Cas Greyling wat as onafhanklike kandidaat in Carletonville gestaan het, finaal gekelder. Daarop het B.H. Wilkens die nuwe NP-volksraadslid vir die Carletonvillese kiesafdeling geword.[272]

Na relatief rustige jare in die Carletonville-kiesafdeling gedurende die termyne van volksraadslede Wilkens en W.J. Landman, wat onderskeidelik van 1978 tot 1981 en van 1981 tot 1987 geduur het,[273] het mnr. P.I. (Arrie) Paulus van die Konserwatiewe Party (KP) die Carletonvillese politieke arena betree.[274] In hierdie stadium van mnr. Paulus se toetrede was die NP-regering reeds doelgerig met die toepassing van 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Suid-Afrika op pad,[275] en die kiesafdeling van Carletonville ook vir die eerste keer in sy bestaan nie in die hande van die NP nie.

Die veranderde grondwetlike bestel, geskoei op 'n sogenaamde demokratiese bedding onder die volkere van Suid-Afrika, het klaarblyklik nie die wense van die meerderheid Carletonvillers gedurende 1987/88 verteenwoordig nie.[276] Hierdie gesindheid was onder meer vanweë die groot gros swart mense wat in die gebied woon en arbei, wat onder die blanke gemeenskap 'n vrees vir verdringing op die arbeidsfront binne die goudmynbedryf gewek het.[277] Hierteenoor het die plaaslike sakesektor eerder geneig om die voorgestelde verwydering van apartheidswetgewing to ondersteun, aangesien baie se bestaan van die swart koopkrag afhanklik is.[278]

Dit blyk dus dat die gemiddelde Carletonville-bewoner se oortuigings teen 1987 eerder ten gunste van die handhawing van die status quo op grondwetlike vlak was. Gevolglik het hierdie gesindheid daartoe gelei dat die genomineerde lid van die KP vir die

---

[270] ***Carletonville Herald****,* 7.10.1977, p.3 asook 21.10.1977 en 25.11.1977, p.17.
[271] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Greyling, 30.9.1991.
[272] Carletonville Herald, 9.12.1977, p.3.

[273] Republiek van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad****,* 1978 tot 1987.
[274] S. Raine, "Paulus: a knight for the white", ***The Sunday Star****,* 15.3.1987, p.2.

[275] T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history****,* fourth edition, pp.428-437.
[276] ***Sunday Times****,* 15.3.1987, p.2.
[277] Republiek van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad****,* 24.5.1985, kolomme, 6361-6363 en ***Sunday Times****,* 22.3.1987, p.12.

[278] Die gesindheid van die sakesektor kom duidelik na vore in die ***Carletonville Weekly Record****,* 11.7.1975, p.1; ***Carletonville Herald****,* 6.4.1984, pp.2-3 en ***Sunday Times****,* 22.3.1987, p.12. Kyk ook ***Hoofstuk Vyf****,* pp.232-233.

**Die apartheidskennisgewings wat in Desember 1988 in Carletonville aangebring is.**







Bron: Carletonville Herald.

Carletonville-kiesafdeling, mnr. Paulus, die jarelange NP-setel, gedurende die 1987-verkiesing naelskraaps met 5 970 stemme teenoor die 5 872 van die NP en die Herstigte Nasionale Party (HNP) se 571 gewen het.[279] As leier van die blanke Mynwerkersunie-vakbond (MWU) is Arrie Paulus klaarblyklik deur die plaaslike mynwerkers as die aangewese persoon beskou om hulle regte te beskerm.[280] Hierop het die onbestrede verkiesing van mnr. J. Nel in Januarie 1988 as eerste KP-stadsraadslid vir Carletonville gevolg.[281]

Die twis op die plaaslike politieke terrein het eers daadwerklik na die munisipale verkiesing van Oktober 1988 die ekonomiese struktuur van Carletonville midde in die politieke spervuur geplaas. Gedurende die munisipale verkiesing hierdie jaar het die KP-genomineerdes skoonskip in al tien die munisipale wyke van Carletonville gemaak. Die klaarblyklike verrassing[282] is in 'n drama verander toe die vorige NP-gesinde Stadsraad se aansoek, naamlik dat 'n deel van die Carletonvillese sakegebied vir alle rasse oopgestel word, deur die KP-stadsraad herroep is[283] en apartheidsbordjies kort hierna by openbare fasiliteite en geriewe in die dorp aangebring is. Soos die sakelui van Boksburg, Springs en Brakpan, waar soortgelyke KP-optredes aan die orde van die dag was, het die sakegemeenskap van Carletonville ook gemeen dat hulle belange hierdeur bedreig is.[284] Die rasionaal vir die optrede van die KP-Raad was om die openbare fasiliteite by die burgersentrum en alle parke in blanke woongebiede, wat veral tydens etensure bemors word, skoon te hou.[285]

Die Regering het nietemin teen die nuwe Carletonville Stadsraad se wense opgetree toe die voorgestelde vryhandelsgebied ter plaatse in ieder geval op 15 Desember 1988

---

[279] Anon., "NP says protest vote gave Carletonville to Arrie", ***The Star,*** 7.5.1987, p.17.

[280] S. Raine, "Paulus: a knight for the white", ***The Sunday Star,*** 15.3.1987, p.2 en D. Delport, "Bosses beware when Arrie takes up his seat", ***Sunday Tribune,*** 10.5.1987, p.6.

[281] ***Die Patriot,*** 8.1.1988, p.5.

[282] ***Carletonville Herald,*** 28.10.1988, p.1; ***Die Patriot,*** 4.11.1988, p.3 en ***Die Beeld,*** 20.12.1988, p.10.

[283] ***Carletonville Herald,*** 11.11.1988, pp.1-2; ***Die Beeld,*** 11.5.1988, p.4 asook 11.11.1988, p.6.


[284] ***Carletonville Herald,*** 2.12.1988, p.1 asook 9.12.1988, p.18; ***Pretoria News,*** 30.11.1988, p.1 en ***Vrye Weekblad,*** 2.12.1988, p.10.

[285] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 29.11.1988 en ***Carletonville Herald,*** 20.1.1989, p.1.

GRAFIEK 12

# Ouderdomsgroepe

## Blankes





**OUDERDOMSGROEPVERKLARING:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Groep 1** 1 - 9 jaar | **Groep 2** 10 - 12 jaar | **Groep 3** 15 - 19 jaar | **Groep 4** 20 - 44 jaar |
| **Groep 5** 45 - 54 jaar | **Groep 6** 55 - 64 jaar | **Groep 7** 65 -75+ jaar | |

Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Bevolkingsensus, verslag no. 02-85-14, *Uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand*, 1985, pp.44,58,70,78 en J.C. Schutte, *Wesrandse Streekdiensteraad beplanningsondersoek*, Oktober 1988.

**GRAFIEK 13**

# Bevolkingsverspreiding: Beroepsgroepe
## Blankes




**BEROEPSGROEPVERKLARING:**

| Groep 1 | Groep 2 | Groep 3 |
|---|---|---|
| Professioneel, Semi-prof., Tegnies.: Ingenieur, argitek; natuurwetenskaplik; medies; onderwysverwant; geesteswetenskaplik; kuns, sport, vermaak | wetgewend; uitvoerend; bestuur; administratief | klerklik; verkope |

| Groep 4 | Groep 5 | Groep 6 | Groep 7 |
|---|---|---|---|
| vervoer; kommunikasie; diens; boer, visser | ambagsman; vakleerling | myn en steengroef; produksie; toesig; operateur | ongeskoold; nie-klassifiseerbaar |

Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Bevolkingsensus, verslag no. 02-85-14, *Uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand*, 1985, pp.144,160,173,183 asook verslag no. 02-85-01, *Uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand*, 1985, p.1.15.

geproklameer is.[286] Dit het egter nie die negatiewe uitwerking van die swart verbruikersboikot, wat kort hierna uit protes teen die Stadsraad van Carletonville se sogenaamde ***klein apartheid*** begin is, verhoed nie.[287] Uit die geskiedenis van Carletonville en selfs van die hele Suid-Afrika[288] was dit duidelik dat 'n ekonomiese bestel, hoe stewig ookal, in 'n oogwink kan tuimel as die boustene daarvan die bestaande en potensiële koopkrag sowel as beleggingsmoontlikhede - wegkalwe, hetsy as gevolg van sinkgate hetsy as gevolg van politieke slaggate. Soos 'n bose sweer tas 'n ekonomiese terugslag soos die wat Carletonville in die sestigerjare getref het, ook die sosiaal maatskaplike komponente van 'n gemeenskap aan, aangesien hierdie strukture vir hulle werksaamhede ook van die plaaslike ekonomiese sektor se finansiële hulp en welwillendheid afhanklik is Net so het die politieke bestel soos dit teen Desember 1988 in Carletonville ervaar en uitgeleef is, moeilike tye vir die ekonomiese sektor voorspel,[289] wat weer eens na ander komponente plaaslik sou kon deurwerk.

### *7.4.3 Die invloed van die onderskeie ekonomiese sektore op die blanke profiel van die Carletonvillese samelewing teen 1985[290] tot 1988*

In 1985 was die blanke gemeenskap van Carletonville sowat 29 376. Hiervan was 40%, wat die werkende bevolking weerspieël, tussen die ouderdom van 20 en 44 jaar en ongeveer 22% tussen een en nege jaar oud (kyk grafiek 12, p.470). Die aanwesigheid van ouderdomsgroepe een tot vier in Carletonville was in hierdie stadium ook meer as die gemiddelde van elk van hierdie groepe in Suid-Afrika. Dit dui daarop dat Carletonville teen 1985 deur meer jongmense bewoon is en dus veel meer jong egpare met kinders gehuisves het as wat vir die res van Suid-Afrika die geval was.[291] Dit is dan inderdaad nie vreemd dat die sogenaamde ***kindenvaentjiedorp*** soveel opvoedkundige inrigtings en bewaarsentrums, na veral 1975, nodig gehad het nie![292]

---

[286] ***Die Beeld***, 20.12.1988, p.2 en ***The Cape Tunes***, 20.12.1990, p.2.
[287] ***Carletonville Herald***, 3.3.1989, p.1 asook 24.3.1989, p.1 en 7.4.1989, p. 1.
[288] Kyk ***Hoofstukke Een***, p.14 en ***Twee***, pp.32-37.
[289] ***Carletonville Herald***, 7.4.1989, p.1 asook 5.5.1989, p.1; 12.5.1989, pp.1-2. In Mei 1989 het die Regering die Stadsraad van Carletonville verplig om die apartheidsbordjies to verwyder. Die plaaslike ekonomie sou eers teen September 1989 normaliseer. Kyk ***Carletonville Herald***, 29.9.1989, p.1.
[290] Die 1985-sensusinligting verteenwoordig tans steeds die jongste sensussyfers.

[291] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Bevolkingsensus, verslag no. 02-85-14, ***Uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand***, *1985,* 1985, pp.44,58,70,78.
[292] Kyk afdeling 7.2.2, pp.292-295 van hierdie hoofstuk.

Wat die 11 305 ekonomies aktiewe blankes in Carletonville gedurende die middel-tagtigerjare betref (grafiek 13, p.471), was 33% (groep ses in grafiek 13) in diens van die mynbousektor. Daarby tel ook 'n hoë persentasie van groep vyf wat die ambagsmanne en vakleerlinge van die gebied verteenwoordig en van wie 21% in die Carletonville-omgewing aktief was. Die persentasie van groep vyf sluit die blankes in wat in die sekondêre sektor werksaam is. Beide hierdie beroepsgroepe (groep vyf en ses) verteenwoordig 'n hoër persentasie aanwesigheid in Carletonville as in die res van Suid-Afrika, waar dit maar onderskeidelik 7% en 12% is.

Wat die sakesektor en professionele lui in die Carletonville-omgewing betref, is die teendeel egter waar. Ongeveer 18% van die ekonomies aktiewe blankes in die gemeenskap het teen 1985 professionele en semi-professionele beroepe (groepe een en twee van grafiek 13) beoefen, teenoor Suid-Afrika se hoe 31%. Dit geld ook vir die gebied se 21% blankes in die gebied se sakesektor, wat 10% laer is as wat Suid-Afrika se gemiddelde is (groep 3 van grafiek 13).

Gemeet aan die res van die streek waarbinne Carletonville as deel van die Oberholzer-distrik val, is die ekonomies aktiewe bevolking van groepe een tot drie geensins laag nie. Gedurende die sensusopname was dit net Krugersdorp wat Carletonville oortref het. Word dit in ag geneem dat Krugersdorp se ekonomies aktiewe bevolking meer as dubbeld soveel is as die van Carletonville, dan kan beweer word dat groepe een tot drie nietemin 'n hoe persentasie van Carletonville se werkende bevolking verteenwoordig.

Naas groep sewe (kyk grafiek 13), wat baie relatief en onbeduidend is, verteenwoordig groep vier die kleinste persentasie werkende blankes in die gebied, naamlik die boere.[293] Die infasering van die mynbousektor in die Carletonville-omgewing sedert 1937, met alle groepe wat daarna as ondersteunende komponente bygekom het, het teen 1985 die eens dominant-agraries ingestelde gebied totaal in 'n stedelik georiënteerde mynbougemeenskap omgeskep en gevolglik die boeregemeenskap ingeperk. Hierdie veranderde beroepsverspreiding bewys dat Carletonville as 'n geïndustrialiseerde gebied gesien kon word.

---

[293] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslae, 02-85-01 asook 02-85-14, ***Bevolkingsensus uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand, 1985***, 1985, p.44.

Waar die landbousektor in 1970 nog deur sowat 1% van die gemeenskap bedien is,[294] het dit teen 1985 na 0,5% afgeplat. Hierteenoor het die mannekrag binne die sekondêre sektor van 2,8% in 1970[295] tot 3,2% in 1985[296] gestyg en die van die handelsektor weer ietwat van 11,5 %[297] tot 10,5% gedaal.[298]

Wat verder insiggewend is, is dat die getal werkende vroue in die gebied van 18,9% in 1970 tot 24,3% in 1985 gestyg het. In vergelyking met buurdorp Randfontein, waar die totale ekonomies aktiewe bevolking gedurende die jongste sensusopname 10 977 was en 33,1% vroue in die arbeidsmark akkommodeer is, het die Carletonville-gebied se getal werkende vroue, uit die reeds vermelde ekonomies aktiewe gemeenskap van 11 305,[299] nog laag voorgekom.

In die geheel was die blanke gemeenskap van Carletonville, soos wat dit teen 1988 daaruit gesien het, 'n vertoonvenster van die intense uitwerking van die plaaslike ekonomiese bestel, met die goudmyne as die steeds oorheersende spilpunt op die doen en late van hierdie samelewing.

### *7.5 DIE INVLOED VAN EKONOMIESE ONTWIKKELIAG OP DIE GEMEENSKAP VAN KHUTSONG[300]: 'N OORSIG*

Die Khutsong-woonbuurt vir swart mense wat in 1958 buite die noordwestelike grens van die Carletonville munisipale gebied geproklameer is, het sedert aanvang een en dieselfde

---

[294] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 02-85-03, ***Nywerheid volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik, 1985,*** 1985, p.111.
[295] Chamber of Mines, West Wits Line project: planning for the future, p.45.
[296] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 02-85-03, ***Nywerheid volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik, 1985****,* 1985, p.111.

[297] Chamber of Mines, West Wits Line project: planning for the future, pp.44-45.
[298] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 02-85-03, ***Nywerheid volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik****, 1985,* 1985, p. III.

[299] Volgens die Chamber of Mines se ***West Wits Line project-verslag****,* p.45 is dit 15,5%. Dit blyk egter dat die berekening foutief is. Kyk statistiek soos verkry uit Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, verslag no. 02-05-06, ***Beroep en nywerheid volgens distrik en ekonomiese streek, 1970****,* 1970, p.51 asook verslag no. 02-85-03, ***Nywerheid volgens ontwikkelingstreek ...,*** *1985,* 1985, p.111.
[300] Die swart woonbuurt Khutsong val buite die grense van die Carletonvillese munisipale gebied. Dus word die historiese verloop daarvan in afdeling 7.5 slegs breedweg bespreek, aangesien die inwoners van hierdie gemeenskap op ekonomiese terrein wel met Carletonville skakel.

infrastrukturele en ekonomiese behoeftes as die van omliggende blanke dorpe ervaar. Ten opsigte van die vestiging van al hierdie dienste het die ekonomiese ontwikkeling wat in die Carletonville-omgewing aan die gang was, ook stimulerend op die ontplooiing van Khutsong ingewerk.

Die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede het die oorkoepelende leiding in die voorsiening van die meeste infrastrukturele dienste in Khutsong geneem.[301] Hierbenewens het blanke gemeenskapstrukture in die Carletonvillese munisipale gebied vrywillig dienste aan Khutsong-bewoners gelewer asook ruim finansiële steun vir sake- en ander infrastrukturele projekte in Khutsong-gebied.[302]

### *7.5.1 Die infrastrukturele vestigingspatroon, 1958-1985*

Dit wil voorkom asof die verskaffing en die vestiging van geriewe en dienste in Khutsong veel spoediger verloop het as wat dit met sommige blanke dorpe in die omgewing gedurende hulle beginjare die geval was. So byvoorbeeld het Khutsong, feitlik gelyktydig met die dorp se proklamering in 1958, twee primêre skole met ses klaskamers elk gekry.[303]

Aan kerkgenootskappe, wat in hierdie stadium by die Gesondheidsraad aansoek om die verkryging van erwe in Khutsong gedoen het, was daar ook nie 'n tekort nie. Hulle is die Geref., die NGK, die NHK en die Rooms-Katolieke Kerk sowel as die AGS, die Kerk van die Nasarener en die Hannoverian Evangelical Lutheran Free Church Mission.[304] Hierbenewens het van die blanke gemeentes van Carletonville sogenaamde garagedienste plaaslik en in Khutsong georganiseer wat swart mense kon bywoon.[305]

---

[301] Kyk ***Hoofstuk Twee***, pp.43-44.
[302] ***Carletonville Herald***, 6.7.1984, p.1 asook 5.10.1984, p.3.
[303] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer 33/0/139, Naturelle lokasies: algemeen, 7.6.1957 asook lêer N79/4/61 NAD, Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede: versiag aangaande die gebruik van skoolgeboue in Khutsong lokasie vir kerkdoeleindes, 17.10.1958 en 10.11.1958.
[304] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notules, 12.12.1958 asook 10.9.1959 en 5.11.1959, p.4.
[305] Die Stadsraad wou, vanweë die Regering se destydse politieke beleid, nie te alle tye toestemming hiervoor verleen nie. Kyk Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 5.11.1959, pp.1- 2.

Die Stadsraad van Carletonville het op sy beurt tot die oprigting van mediese dienste in Khutsong bygedra. In 1959 het die oprigting van 'n kliniek te Khutsong aandag geniet, nadat die Naturelle Adviserende Komitee van die dorp dit versoek het.[306] Dit is verwesenlik toe 'n kliniek in 1961 geopen is.[307]

Wat die lewering van 'n welsynsdiens aan die Khutsong-gemeenskap betref, het dit die aandag van die Stadsraad sowel as die van die welsynsbeampte van die Gesondheidsraad ontvang. Verdienstelike gevalle is finansieel gehelp. Die welsynsbeampte was ook met die organisering van 'n jaarlikse Kersfunksie vir die bejaardes en die kinders van Khutsong gemoeid.[308]

Die beoefening van sport en die oprigting van sportgeriewe in Khutsong het voor die dekade sestig aandag van die swart gemeenskap en die van die Carletonvillese Stadsraad en die Gesondheidsraad geniet.[309] Twee sokkerklubs wat al in 1959 goed op dreef was, is die Carleton Bantu Football Association en die Stone Brokers' Football Club.[310] In hierdie stadium het die welsynsbeampte van die Gesondheidsraad ook met 'n boksklub in Khutsong begin met die doel om die ***Jong naturelle uit die straat to hou****.*[311]

Naas die skepping van ontspanningsgeriewe vir sportdoeleindes, is die uitleg van kinderspeelgronde[312] en die hou van filmvertonings in die Khutsong-Ontspanningsaal ook deur die Stadsraad aangepak. Films wat van die firma Hollywood Films gehuur is, is vertoon.[313]


---

[306] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notules, 10.9.1959 asook 5.11.1959 en Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer N118/11/61, Gesondheidsdienste Khutsong Lokasie: verslag, 5.9.1958.
[307] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules: notule, 9.2.1959 en TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2(3), Inhuldigingsplegtighede: verslag van sy edelagbare die burgemeester, 7.3.1962.
[308] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 25.8.1959, p.11 asook notule, vergadering van die Komitee vir Gesondheid en Nie-Blanke aangeleenthede, 5.11.1959 en verslag van die Komitee vir Finansies, 17.11.1960.

[309] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 6.10.1960, p.37.
[310] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: verslag, Komitee vir Openbare Werke en Beplanning, 10.9.1959, art. 6.
[311] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 20.3.1959.
[312] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 4.2.1960.
[313] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 24.1.1963.

GRAFIEK 14

# Ouderdomsgroepe
## Swartmense





**OUDERDOMSGROEPVERKLARING:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Groep 1 1 - 9 jaar | Groep 2 10 - 12 jaar | Groep 3 15 - 19 jaar | Groep 4 20 - 44 jaar |
| Groep 5 45 - 54 jaar | Groep 6 55 - 64 jaar | Groep 7 65 -75+ jaar | |

Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Bevolkingsensus, verslag no. 02-85-14, *Uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand*, 1985, pp.44,58,70,78 en J.C. Schutte, *Wesrandse Streekdiensteraad beplanningsondersoek*, Oktober 1988.

**GRAFIEK 15**

# Bevolkingsverspreiding: Beroepsgroepe
## Swartmense




**BEROEPSGROEPVERKLARING:**

| Groep | Beskrywing |
|---|---|
| Groep 1 | Professioneel, Semi-prof., Tegnies.: Ingenieur,argitek; natuurwetenskaplik; medies; onderwysverwant; geesteswetenskaplik; kuns, sport, vermaak |
| Groep 2 | wetgewend; uitvoerend; bestuur; administratief |
| Groep 3 | klerklik; verkope |
| Groep 4 | vervoer; kommunikasie; diens; boer, visser |
| Groep 5 | ambagsman; vakleerling |
| Groep 6 | myn en steengroef; produksie; toesig; operateur |
| Groep 7 | ongeskoold; nie-klassifiseerbaar |

Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Bevolkingsensus, verslag no. 02-85-14, *Uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand*, 1985, pp.144,160,173,183 asook verslag no. 02-85-01, *Uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand*, 1985, p.1.15.

Dit blyk dat die Carletonvillese Stadsraad en die Gesondheidsraad tot en met 1966 grootliks vir die vestiging van die infrastruktuur van die dorp verantwoordelik was.[314] In 1966 is 'n Bantoe Advieskomitee gestig wat hierdie verantwoordelikheid oorgeneem het[315] en reeds die volgende jaar versoek het dat 'n kinderhawe, genaamd African Self Help Association Khutsong, ter plaatse geopen moes word.[316] Sowat as 10 813 swart vroue in die Oberholzer- distrik was al teen 1970 ekonomies aktief.[317] Gevolglik was die oprigting van 'n kinderhawe 'n groot behoefte en 'n noodsaaklikheid.

Die behoefte aan 'n plaaslike polisiestasie, uitsluitlik betas met die handhawing van wet en orde in Khutsong, het ook noodsaaklik geword. Die polisiestasies van Carletonville en Welverdiend is sedert 1958 met die taak belas.[318] 'n Onrusbarende toename in onrusverwante voorvalle gedurende die vroeg tagtigerjare het die behoefte aan 'n polisiestasie in Khutsong onderstreep. In Desember is 'n polisiestasie in die swart gemeenskap geopen om doeltreffender polisie-optrede te verseker.[319]

Met die aanbreek van die dekade tagtig het die plaaslike mynbousektor ook fondse vir die verbetering van infrastrukturele dienste en ontspanningsfasiliteite na Khutsong gekanaliseer. Dit is deur die Khutsong Advieskomitee verwelkom,[320] aangesien heelwat uitgawes aangegaan moes word om die gemeenskap, wat teen 1985 sowat 22 550[321] siele getel het, van die nodige dienste en fasiliteite te voorsien.

---

314 Alhoewel die Stadsraad van Carletonville fasiliteite vir Khutsong vanuit die Wes-Transvaalse Bantoesake Administrasieraad se Bantoe-inkomsterekening gefinansier het, het die Raad self ook finansiële bydraes hiertoe gemaak. Kyk Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 6.5.1976.

315 Kyk **Hoofstuk Twee**, p.44.

316 Carletonville (Munisipaliteit), lêer 47/2, Kinderbewaarplek: brief, C.I.A. Smit/Stadsraad Carletonville, 24.2.1967.

317 Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, verslag no. 02-05-06, ***Beroep en nywerheid volgens distrik en ekonomiese streek, 1970,*** 1970, p.215.

318 TAB, Departement van Naturellesake (NTS), Band 6162, lêer 742, Khutsong Bantoewoonbuurt: brief, Stadsklerk Carletonville/Sekretaris, Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, 5.8.1959 *en* ***Carletonville Herald**,* 3.6.1966.

319 Carletonville Polisie (Oberholzer), lêer 4/1/7/25, Khutsong polisiestasie: opening, 17.12.1985.

320 Carletonville Stadsraad, ***Carletonville 25**,* pp.1-15.

321 Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 02-85-14, ***Bevolkingsensus, uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand, 1985**,* 1985, p.78.

### *7.5.2 Die profiel van die swart mense binne die Carletonvillese ekonomiese struktuur teen 1985*

In 1985 was die totale getal swart mense in die Carletonville-gebied 93 274. Dit is duidelik uit grafiek 14, p.477 dat die hoe persentasie swart mense in die ouderdomsgroep 20 tot 44 jaar byna dubbeld soveel is as die van die res van Suid-Afrika, wat die oorweldigende konsentrasie van die ekonomies aktiewe bevolking in die Carletonvillese goudmynbedryf weerspieël. Die feit dat die voorkoms van die res van die ouderdomsgroepe in die gebied baie laag is, is hoofsaaklik aan die trekarbeidstelsel toe te skryf.[322] Die tendens het heel waarskynlik teen 1988 al veel anders daaruit gesien, aangesien aanpassings in landsbeleid ook aanpassing ter plaatse tot gevolg gehad het.[323]

Ongeveer 32% van die gebied se ekonomies aktiewe swart bevolking is in diens van die mynbousektor (kyk groep ses van grafiek 15, p.337b), wat aansienlik hoër is as die res van Suid-Afrika se 26% uit die landbousektor. Naas die mynbousektor het die landbousektor en kommunikasiedienste in die Carletonville-gebied die meeste swart mense in diens (kyk grafiek 15). Die skrale 9% van die ekonomies aktiewe landboubevolking is veel laer as Suid-Afrika se 46% uit die landbousektor. Dit geld ook vir die oorblywende beroepsgroepe waarin die plaaslike swart bevolking, vergeleke met die res van Suid-Afrika, swak vertoon.

Die meeste van Khutsong se ekonomies aktiewe bewoners was dus teen 1985 aan die plaaslike mynbousektor van Carletonville verbonde. Derhalwe is dit nie vreemd dat die mynbousektor sy gewig by die ontplooiing van Khutsong ingegooi het nie. Die getalle werksaam in ander beroepsgroepe was gesamentlik egter veel meer as die werksaam in die mynbousektor. Dit dui daarop dat die Khutsong-bewoners hoofsaaklik in diens van die blanke gemeenskap in die onderskeie dorpe gestaan het.[324]

---

[322] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 02-85-14, ***Bevolkingsensus, uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand, 1985****,* 1985, pp.44,58,70 en 78.

[323] Kyk ***Hoofstuk Vier****,* pp.180-181 insake Wedela waar gesinne gevestig het, wat 'n veranderde sosiale
struktuur *en* lewenspatroon ter plaatse meegebring het.

[324] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslae no. 02-85-01 asook 02-85-14, ***Bevolkingsensus, uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand, 1985****,* 1985, p.515,183 en Carletonville (Munisipaliteit), lêer 18/6/1(1), Nie-Blankesake, Skakeling en onderlinge hulp Kleinsake Ontwikkelings Korporasie (K.O.K.): bespreking met betrekking tot 'n gemeenskapsgesondheidsentrum, 8.10.1986.

Wat Khutsong se gemeenskapsontwikkeling betref, het dit klaarblyklik teen 1986 nie so bevredigend daaruit gesien nie. Gevolglik het die Gemeenskapsraad van Khutsong, die Stadsraad van Carletonville, verteenwoordigers vanuit die privaatsektor en die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en -Beplanning gesamentlik die probleme van die dorp aangepak.[325] Die vernaamste probleem was die gebrek aan 'n hospitaal, wat gevolglik hoë eise aan die munisipale Kliniek gestel het.[326]

Na 'n reeks samesprekings, is die oprigting van 'n Gemeenskap-Gesondheidsentrum in die vooruitsig gestel, wat ’n gesondheidsdiens, 'n tandheelkundige diens, maatskaplike werk en 'n verloskundige diens sou akkommodeer.[327] Etlike ontwikkelingskemas was ook in wording, waarby Consolidated Gold Fields onder meer ook betrokke was.[328] Dit is egter nog nie teen 1988 verwesenlik nie.

### *7.6 TEN SLOTTE*

Die ontwikkeling van Khutsong sedert 1958 tot en met 1988 was grotendeels aan die ontplooiing van blanke gemeenskappe van die Carletonvillese munisipale gebied te danke. Die rol wat die Stadsraad en die mynbousektor met betrekking tot die uitbreiding en vestiging van dienste te Khutsong gelewer het, met die doel om 'n gesonde en toegeruste samelewing te verseker, is kenmerkend. Hiermee is 'n groter swart koop- en arbeidskrag ook vir die omliggende blanke dorpe verseker.

Op die keper beskou, was die onderaardse goudspens in die munisipale gebied Carletonville, as eertydse tuiste van etlike swart stamme en na 1838 vir die Trekkers, teen 1988 vir die plaaslike gemeenskap sowel as vir die res van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding onontbeerlik.

---

[325] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 18/6/1(1), Nie-Blankesake, Skakeling en onderlinge hulp (K.O.K): brief, C.J. de BeerMepartement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, 6.10.1986.

[326] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 18/6/1(1), Nie-Blanke sake ..., notule, K.O.K.-komitee, 19.2.1987, p.5.

[327] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 18/6/1(1), Nie-Blanke sake ..., notule, bespreking, gemeenskapsgesondheidsentrum deur K.O.K.-komitee, 8.10.1986.

[328] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 18/6/1(1), Nie-Blanke sake ..., notule, K.O.K.-komitee, 20.8.1987, p.3.

***SAMEVATTING***

Die ekonomiese ontwikkeling en gebeure in die Carletonville munisipale gebied maak deel uit van, en is aanvullend tot, die historiese ontwikkeling van die breëre samelewing van die Verre Wesrand en van Suid-Afrika.

Die gebied waarbinne Carletonville as dorp en as munisipale owerheid funksioneer, was gedurende die negentiende en vroeg-twintigste eeu as 'n gedeelte van die wyk Gatsrand in die distrik Potchefstroom bekend. Namate die streek ekonomies ontplooi het, dorpe vervolgens geproklameer is en gebiedsgrense geherstruktureer is, het die naam Gatsrand, as verwysing na die eertydse wyk, vervaag. Vandag bestaan die naam Gatsrand slegs ten opsigte van die Gatsrand-rantereeks wat 'n baie bekende geografiese landmerk in die munisipale gebied is. Dit is 'n studie hierdie van die ekonomiese ontwikkeling van die huidige munisipale gebied Carletonville sedert 1948 en die invloed wat dit op samelewingsontplooiing ter plaatse tot 1988 gehad het.

In die ***inleidende hoofstuk*** val die kollig in die breë op die: Suid-Afrikaanse ekonomiese ontwikkeling sedert Jan van Riebeeck in 1652 'n verversingspos, in opdrag van die ***Verenighde g'Octroijeerde Oost Indische Comp^e^.*** van Nederland, in die Kaap begin het. Drie fases is in die ekonomiese ontwikkelingspatroon geïdentifiseer, naamlik Suid-Afrika as landbouland, 1652 tot 1867, gevolg deur die landbou-mynboufase wat van ongeveer 1868 tot 1914 geduur het, waarna die derde fase, met die industriële sektor as die fokuspunt tot 1988, volg. Aangesien die kommunikasienetwerk van 'n land 'n aspek is wat al in die aanvangstyd van enige ekonomiese bestel nodig is, is hieraan ook oorsigtelik aandag gegee deur die ontwikkelingsgeskiedenis van die vernaamste verbindingswee toe te lig.

As entiteit binne die Suid-Afrikaanse ekonomie het die Carletonville-gebied eers daadwerklik vanaf 1937, gedurende die bovermelde fase drie, 'n bydrae gelewer toe die Blyvooruitzicht-goudmyn, gevolg deur die goudmyne Wes-Driefontein en Doornfontein, in die omgewing geopen is. Dié miernes van bedrywighede het tegelykertyd ***dorpsproklamering en -uitbreiding*** geaktiveer. Carletonville, wat op 20 Januarie 1948 geproklameer is, was die sesde dorp om binne 'n rapsie meer as 'n dekade in die omgewing van die vermelde goudmyne gevestig te word. Dit is die dorpsgebied wat, vanweë sy ligging en die finansiële insette van veral Consolidated Gold Fields, dit ook die voordeligste getref het. Gevolglik was

die tempo van dorpsuitbreiding veel vinniger as die van buurdorpe Oberholzer, Welverdiend, Bank, Blybank en West Wits.

Die begunstigde posisie van Carletonville het die Waaksaamheidskomitee van Oberholzer in 1952 in botsing met die Plaaslike Gebiedskomitee, die Gesondheidsraad en die goudmyne gebring. Hul pogings om dorpsontwikkeling in Carletonville te vertraag was egter onsuksesvol, en stomende gemoedere kon ook nie verhinder dat 'n verdere agt dorpsuitbreidings gedurende die dekade vyftig in die Carletonville-gebied, teenoor die een bykomende uitbreiding van Oberholzer, geproklameer word nie.

Carletonville-omgewing se besondere groeitempo het in Julie 1959 tot gevolg gehad dat die gebied 'n selfstandige plaaslike owerheid verkry het. Al die vermelde dorpe en goudmyne is by die nuwe munisipale gebied ingedeel. Vir die jong Stadsraad was die eerste dekade van plaaslike bestuur alles behalwe maanskyn en rose. Goudmynmaatskappye se onttrekking van ondergrondse water het die sluimerende sinkgatgebied binne 'n kwessie van 'n paar jaar in 'n nagmerrie van grondverskuiwings verander.

Lewensverlies, angs sowel as pessimisme oor die toekoms van die gebied het onder van die dorpsbewoners voorgekom. Hierdie vertwyfeling is verder deur die tragiese voorval op 3 Augustus 1964 in die Westdene-woongebied van die Blyvooruitzicht-myn versterk toe 'n gesin van vyf deur 'n reuse-sinkgat verswelg is. In die jare hierna was die grootskaalse sloping van huise in veral Dorpsuitbreidings no. Vyf en Agt geen ongewone gesig nie. Die onverpoosde ekonomiese gang van die goudmyne het egter 'n normaliserende effek op die res van die Carletonville-gebied gehad, en dit is 'n vername faktor wat die behoud van Carletonville verseker het.

Gedurende die dekades sewentig en tagtig was die hernude vertroue in Carletonville ook die dryfveer agter die proklamering van 'n verdere vyf dorpsuitbreidings in die munisipale gebied. Die dorpe Bank, Blybank en West Wits het nie in die herstelproses van Carletonville gedeel nie, aangesien hier skaars sprake van ontwikkeling was. Die bewoners van Bank is al in Januarie 1970 aangesê om die gebied, vanweë die intense grondverskuiwings, te ontruim.

Daardeur het enige hoop op verdere dorpsontwikkeling, wat in hierdie stadium sonder veel seremonie opgeskort is, vervaag.

Stellig die belemmendste faktor wat teen 1988 die vooruitsigte vir verdere dorpsontwikkeling in Carletonville kon verhinder, is die gebrek aan 'n toekomstige ekonomiese plaasvervanger vir die plaaslike goudmynbedryf. As dominante sektor het hierdie bedryf 'n besliste invloed op dorpsontwikkeling en die verskaffing van woonplek in die blanke woongebied gehad. Dit het eweneens vir die swart mense, wat in hostelle op myngrond woon, gegeld. Hiernaas dien die swart woonbuurt Khutsong, wat in 1958 geproklameer is en geleë net buite die jurisdiksiegebied van die Carletonvillese Stadsraad, as verblyfplek vir swart mense wat meestal in die omliggende dorpe by sakesektore in diens is.

Vir die handjievol Indiërs en Kleurlinge was daar voor 1983 geen permanente woonplek in die Carletonville-gebied nie. Dit was eers gedurende die jaar dat beide groepe die vergunning verkry het om hulle in die eertydse blanke dorp, Blybank, te vestig.

Die ***landboubedrywighede*** te Carletonville was voor die ontginning van goud in die gebied in 1937 die ekonomiese kernaktiwiteit. As nuwe aansporing tot die plaaslike ekonomie was die ontsluiting van goud nie alleen die oorsaak dat die landbou van sy lank oorheersende ekonomiese posisie in die Carletonvillese huishouding ontneem is nie. Die opkoop van plase deur goudmynmaatskappye, sowel as dorpsontwikkeling en gevolg deur die herindeling van distriksgrense deur die Transvaalse Provinsiale Raad, is ook aspekte wat daartoe meegewerk het dat die omvang van die landbou in die gebied teen die vyftigerjare al erg verskraal het.

Die landbousektor van Carletonville, wat die twee groepe landbouhoewes Watersedge en Welverdiend insluit, vorm deel van die Oberholzer-distrikse landbougebied in die Hoëveldstreek en beslaan sowat 30 128ha. Die fokus verklein aansienlik as net die munisipale gebied Carletonville se landbouaktiwiteite ter sprake is. Tel spyte hiervan word allerlei boerderybedrywighede hier aangetref.

Die boerderybedrywighede ter sprake is akkerbou sowel as veeboerderye en die verbouing van groente. Dit is veral intensiewe boerderybedrywe soos die melk- en die varkbedryf wat by die boere in die Carletonville-gebied baie gewild is. Alle akkerbou- en groenteboerderye word hoofsaaklik as 'n by-inkomste tot die twee vermelde intensiewe bedrywe beoefen.

Alhoewel droëlandboerderye nie totaal vreemd aan die gebied is nie, maak die meeste boere van besproeiing in die akkerbou- en groentebedryf gebruik In die lig hiervan is dit nie vreemd dat die geweldige grondverskuiwings van die sestigerjare in Carletonville ook vir sy boeregemeenskap 'n terugslag was nie, aangesien water die hoofoorsaak vir hierdie krisis was. Die myne se onttrekking van ondergrondse water, gevolg deur verspreide gevalle van oppervlakteinsinking en die opdroog van boorgate, het die boere baie nadelig getref. Net soos met Bank-dorp het sinkgate byna oornag 'n einde aan alle boerderye in die Bank-gebied gebring. Die eens waterryke Wonderfontein en Oog van Wonderfontein moes as gevolg van die myne se ondergrondse drooglegging daarvan plek maak vir 'n verspreide netwerk van vore en kanale. Van die onttrekte water is na die boere versprei. Ook dit was vir sommige boere 'n probleem.

Gerugte van watervergiftiging deur die goudmyne het die tydelike wrywing tussen die landbou- en die mynbousektor vererger. Gevalle van misvormde gewasse en diere is as bewys voorgehou, maar konkrete getuienis kon nie teen die goudmyne ingebring word nie. Dit het egter uiteindelik tot gevolg gehad dat vername boere hul plase verkoop het, waarvan die meeste in die hande van die goudmynbedryf beland het.

Kort nadat bestendiger toestande teen 1975 vir die landbou ingetree het, het 'n knellende landswye droogte tussen ongeveer 1979 en 1984 die boerderyaktiwiteite van Carletonville ook getref. Die beskikbaarheid van water het ongetwyfeld die druk van die droogte bier aansienliker verlig as wat dit met baie ander boerderystreke die geval was.

Wat die teenwoordigheid van die goudmynbedryf in die gebied en sy invloed op die landbou betref, was dit teen 1984 steeds ingrypend. Aan die een kant het dit die voordeel gehad dat die produsent en verbruiker op mekaar se deurdrumpel was. Die bestendigheid en vertroue wat die mynbousektor ten opsigte van die toekoms van die gebied geskep het, het ook 'n

stimulerende effek op die vestiging van landbougerigte besighede soos SENWESKO, gevolg deur die oprigting van 'n graansilo, sowel as die NCD-groep gehad.

Aan die ander kant weer het die goudmynbedryf met sy dominerende grondbesit van 21 761ha landbougrond, die fut uit privaatboerderye gehaal. Bewoners van die plase waarop geboer is, was dus teen 1988 oorwegend huurders. As gevolg hiervan, sowel as die kleinskaalse landboubeoefening in die Carletonville-gebied, het nóg 'n mark nóg 'n abattoir plaaslik die lig gesien. Ten opsigte van laasgenoemde het die vark-, melk- en hoenderboere tot 1988 nog hul produk buite die gebied bemark.

Die bydrae wat die landbousektor in die Carletonville-gebied tot die plaaslike ekonomie lewer, is minimaal. Indirekte aansporing, byvoorbeeld die skepping van werksgeleenthede by die sekondêre en tersiêre sektor soos die plaaslike SENWESKO-tak en die NCD, sowel as direkte indiensneming van arbeiders op plase, is die plaaslike landboubedryf se vernaamste bydrae.

Op streeksvlak was die Oberholzer-landboudistrik se BGP-bydrae teen die dekade tagtig 'n stewige 16,1%. Alhoewel beskeie ten opsigte van die totale bydrae van die Oberholzer-distrik het dit nietemin 'n nuttige persentasie bydrae tot die BBP van Suid-Afrika gelewer.

***Goudmynbedrywighede*** maak al sedert 1937 deel van die ekonomiese opset van die eertydse Gatsrand of huidige Carletonville-gebied uit. In hierdie jaar het die huidige Barlow RandGroep se Blyvooruitzicht-goudmyn geopen. Hierna het die Gold Fields of South Africa-Groep met die opening van die Wes-Driefontein- (1945) en die Doornfontein-goudmyn (1947) toegetree. In 1962 het die Anglo American Corporation-Groep gevolg toe 'n ultra diep myn, genaamd Western Deep Levels, geopen is.

Benewens die goudmynaanlegte wat op myngrond opgerig is, het hostelle, mynhuise en 'n goed toegeruste infrastruktuur in die kleine by elk van hierdie myne ontwikkel. Van die goudmyne het terselfdertyd die uraanmark betree maar mettertyd, vanweë 'n oorversadigde mark, hul hoofsaaklik met die produsering van goud bemoei.

Sake het vir die goudmyne egter nie net voorspoedig verloop nie. Gedurende die veertiger-vyftigerjare het die aanwesigheid van ondergrondse water, 'n aspek wat trouens die goudmynbedryf jare lank uit die Carletonville-gebied gehou het, weer probleme opgelewer. In die vrees dat die water dalk vir die mynwerkers en die mynaktiwiteite ondergronds gevaar mag inhou, is die water geleidelik uitgepomp. Die gevolge daarvan was katastrofaal. Etlike insinkings op myngrond het veral na 1962 gevolg en met lewensverlies gepaard gegaan. Die goudmyne plaaslik het egter, ondanks baie kritiek en finansiële implikasies, deurgedruk. As verdere uitvloeisel het nog drie goudmyne in die gebied geopen, naamlik Oos-Driefontein (1968), Deelkraal (1974) op inisiatief van die Gold Fields-Groep en Elandsrand (1974), geïnisieer deur Anglo American Corporation.

Al die vermelde goudmyne wat in die Carletonville-gebied geopen het, het 'n fenomenale impak plaaslik en op die hele Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. Die omwenteling wat dit plaaslik meegebring het, het die totale infrastruktuur beïnvloed. Vanweë die snelle bevolkingsaanwas was meer behuising, sakeondernemings, dienste en institusionele asook administratiewe instellings nodig. Anders as tevore het die samelewingstruktuur ook geleidelik 'n kosmopolitiese karakter aangeneem. Vir die ou bewoners was die teenwoordigheid van Engelssprekendes en baie swart mense, sowel as die grootskaalse plakkery, elemente waaraan hulle noodgedwonge gewoond moes raak.

Goudmynmaatskappye ter plaatse het self ingespring en die nodige fondse en kundigheid verskaf om die infrastruktuur te verbeter. Hiervan is die aanlê van toevoerpaaie, die verskaffing van water en elektrisiteit sowel as die oprigting van geboue vir skole 'n sprekende bewys.

Vir die staatskas van Suid-Afrika het die goudmyne in die Carletonville-gebied oor die jare heen vir 'n inkomste van miljoene gesorg. As voorste individuele goudprodusente op hul dag het die Blyvooruitzicht-, Wes-Driefontein- en Oos-Driefontein-goudmyn Suid-Afrika se beeld as vername goudmynbouland net bevoordeel. Dit geld ook vir Western Deep Levels wat tans steeds die wêreld se diepste goudmyn is.

Teen 1988 het die produksie van die goudmyne, met die uitsondering van die twee jongste toevoegings Deelkraal en Elandsrand, ten spyte van 'n hoë ertsproduksie, steeds gedaal. Ongeag hierdie aanduiding dat die tyd van die myne in die stadium belig was om uit te loop, het die plaaslike ekonomie, die streek sowel as Suid-Afrika steeds ruim daarby gebaat. Hiervan is die bedryf se 97% BGP-bydrae tot die Wesrand-Streek en 18% goudbydrae tot die totale Suid-Afrikaanse goudmynbedryf teen 1988 onteenseglik 'n indrukwekkende bewys.

Word die posisie van die ***fabriekswese*** en die ***handelsektor*** as synde die sekondêre en tersiêre sektor, in die Carletonvillese munisipale gebied belig, kontrasteer die posisie daarvan skerp met die van die plaaslike goudmynbedryf. Jare lank, voor die proklamering van Carletonville as dorp in 1948, was daar weinig ontwikkeling op hierdie terreine. In die pioniersera staan die Hollandse nedersetters wat hulle in 1928 op die plaas Wonderfontein gevestig het, se bydrae tot die vestiging van fabrieke en handelaars in die Carletonville-gebied prominent uit.

Dit was nogeens die goudmynbedryf, en die verrysing van etlike dorpe daarnaas, wat 'n oorweldigende invloed op die vestiging van veral handelaars en 'n potpourri sakeondernemings gehad het. Die teenoorgestelde effek is by die sekondêre sektor veroorsaak, aangesien die nywerhede wat in die omgewing gevestig is, hoofsaaklik opgerig is om die mynbedryf te bedien. Gevolglik het geen alternatiewe inisiatiewe ontwikkel nie, en vir jare is te geredelik op die goudmyne, en sekondêre filiale daarvan, gesteun.

Gedurende die dekades vyftig tot sewentig was daar van tyd tot tyd flouerige pogings van die Plaaslike Gebiedskomitee se kant om 'n nywerheidsdorp te proklameer en te ontwikkel. Faktore wat stremmend op die Komitee se vestiging van nywerhede ingewerk het, is die onsekerheid oor die geskikste lokaliteit, die onsekere toekoms van Carletonville gedurende die grondverskuiwingsperiode sowel as die ligging van die gebied teenaan die vername PWV-industriële kompleks. Dit was eers in die dekade tagtig, en plaaslike instansies se kommer dat die tyd van die goudmyne haas uitloop, dat finaliteit rakende die vestiging van 'n industriële dorp verkry is. Carletonville Dorpsuitbreiding no. Ses vir industriële doeleindes wat in 1986 geproklameer is, was die resultaat.

Wat die ontwikkeling van die plaaslike tersiêre sektor gedurende die vyftigerjare betref, was dit gunstig. 'n Beter toegeruste infrastruktuur in Oberholzer, maar veral Carletonville, het gaandeweg meer sakeondernemings hier laat ontstaan, ten koste van die dorpe West Wits, Bank, Blybank en Welverdiend. Die grondverskuiwings in Carletonville het egter vir die grootste deel van die jare sestig 'n effek op die sakesektor van Carletonville asook op die res van die munisipale gebied gehad, vanweë die sinkgatstigma wat aan die gebied verkleef was.

Teen 1970 was 'n herstelde vertroue en hernude groei in die sakesektor te bespeur, al het die ontruiming van Bank-dorp die jaar vir die gebied 'n permanente verlies van 'n paar handelaars beteken. Van die apatiese houding van bougenootskappe en etlike ander ondernemings oor hulle rol en toekoms in Carletonville vroeër was daar teen 1975 min oor en in die plek daarvan 'n groter aktiwiteit. Die rol van die Stadsraad en die Regering om hernude vertroue te wek, kan in hierdie opsig nie gering geskat word nie. Hulle het gedurende die periode van grondverskuiwings deurlopend gepoog om Carletonville se beeld op talle wyses te herstel. Ook die opening van die twee hiperwinkelkomplekse deur die landswye ondernemings, OK en Pick-'n-Pay, het die vertroue in Carletonville verder versterk. Daarmee is die spyker in die doodkis van die sinkgatstigma geslaan.

Teen 1988 is permanensie ook aan die sakebelange van ander kleurgroepe in die gebied verleen toe die Regering in Desember die jaar twee vryhandelsgebiede in blanke woongebied geproklameer het. In hierdie stadium was daar, danksy die hoë swart koopkrag, steeds groei in die sakesektor. Dit was trouens deur al die jare heen die vernaamste stimulus vir die vestiging van etlike besighede in die gebied.

Die vroeë ontwikkeling van die munisipale gebied Carletonville wat betref ***kommunikasie*** moet hoofsaaklik aan die gebied se sentrale ligging ten opsigte van vername sentra soos Krugersdorp, Johannesburg en Potchefstroom toegeskryf word. Twee belangrike posroetes wat gedurende die negentiende eeu deur die gebied na hierdie dorpe heen gelei het, het later feitlik onveranderd ook die twee hoofpadroetes van die gebied geword. Goudmynbedrywighede sedert 1937 het stadigaan 'n dringende behoefte aan meer en beter paaie in die gebied geskep.

Ook die belangrike Suidwesterlyn-spoor, wat vanaf Johannesburg tot Kimberley strek en by die Kaap-spoorlyn aansluit, loop deur die Carletonville-gebied. Die stoppunte wat in 1896 op die plase Welverdiend, Wonderfontein en Bank oopgestel is, was die aanvanklike dryfveer vir die vestiging van enkele tersiêre bedrywe. Nadat nuwe dorpe gedurende die dertiger-veertigerjare in die gebied geproklameer is, het die behoefte aan meer en gereelde treindienste toegeneem. Verdere spooruitbreiding en stasie-ontwikkeling het ook, danksy die behoeftes van die groeiende goudmyne, gedurende die jare vyftig en sestig plaasgevind.

Bus- en huurmotordienste (taxi's) het hulle ook eers kort na die opening van die eerste goudmyn in die gebied ingegrawe. Verder is die plaaslike vliegveld wat reeds voor 1948 bestaan het, gaandeweg meer vir sakedoeleindes ingespan as vir lugskouvertonings soos van oudsher.

Vanweë die snelle bevolkingsaanwas wat die gebied as gevolg van die toestroming van arbeiders na die goudmyne getref het, het die behoefte aan meer pos- en telefoondienste dringender geword. Dit het daartoe gelei dat Welverdiend sy posisie as vernaamste poskantoor in 1953 ten gunste van die nuwe Carletonvillese poskantoor verloor het, en die het verder daartoe bygedra dat dorpsontwikkeling by Welverdiend nog meer vertraag is. Hierna het 'n netwerk van takkantore in die gebied ontstaan, waarvan die meeste op myngrond tot voordeel van die hostelbewoners geopen is.

Wat die uitwerking van die sinkgatperiode op die totale kommunikasienetwerk betref, was dit hoofsaaklik die pad- en spoornetwerk wat nadelig getref is. Behalwe dat passasierstreindienste by Bank-stasie vanaf 1970 permanent opgehef is, moes drie provinsiale paaie gedeeltelik gesluit en alternatiewe roetes gebruik word. Dit het 'n tydelik verlammende effek op die plaaslike sakesektor gehad, aangesien die versending en die invoer van produkte daardeur vertraag is. Dié verlammende uitwerking wat dit gehad het, was gedurende die sewentigerjare iets van die verlede nadat hoë besteding deur die Paaie-Administrasie van Transvaal plaasgevind het om dié padroetes te herstel.

Ironies genoeg het die sinkgatgebeure, waarin Carletonville hom vanaf die vroeë sestigerjare bevind het, in 1963 'n gunstige platform vir die stigting van die eerste volwaardige plaaslike

koerant, die Carletonville Herald, geskep. Nog 'n koerant, die Carletonville Weeklikse Rekord/Weekly Record, het in 1974 gedurende 'n kortstondige termyn van vier jaar die mark betree. Die Carletonville Herald het dus hierna die monopolie behou, en dié koerant bestaan tans nog as mondstuk van die dorp.

Die totale proses van ***ekonomiese ontplooiing*** te Carletonville het tegelykertyd die weg gebaan vir die stigting van ***instansies*** in die gebied wat as ruggraat vir 'n gesonde en goed georganiseerde ***samelewing*** moes dien. Hieronder tel die kerke, mediese dienste, diens- en kultuurorganisasies, skole, sport- en ontspanningsklubs, wet-en-orde-strukture sowel as die vestiging van strukture op politieke vlak, sodat die gemeenskap aan regeringsaangeleenthede deel kon hê. Die graad van ekonomiese groei in die Carletonville-gebied sedert 1948 was bepalend ten opsigte van met watter omvang hierdie organisasies en strukture gevestig, gefunksioneer en uitgebrei het.

Wat die vestiging van kerkgenootskappe in die besonder betref, was die bloeitydperk van gemeentestigting gedurende die eerste dekade na die proklamering van Carletonville as dorp. Ten spyte van die onstuimige sestiger-, vroeë-sewentigerjare het nog vier gemeentes die fig gesien. Die ekonomiese effek en implikasies van die grondverskuiwings het nie alle gemeentes eenders beïnvloed nie. So byvoorbeeld het die AGS-gemeente se ontruiming van hulle kerkgebou 'n groter finansiële las sowel as 'n afname van lidmaattal tot gevolg gehad, as dié gemeentes waar dergelike probleme nie ter sprake was nie. Vir die Indiërs wat Bank-dorp in 1970 moes ontruim, was die finansiële en geestelike implikasies nog groter, aangesien hulle permanent van hul indrukwekkende moskee en gereelde gesamentlike byeenkomste moes afsien. Hierdie ontwrigting was indirek die gevolg van 'n ekonomiesgerigte besluit wat vroeër geneem is, naamlik om die ondergrondse water uit te pomp, sodat die toekoms en veiligheid van die plaaslike goudmyne verseker kon word.

'n Standvastiger ekonomie en toekoms is inderdaad verkry, en teen ongeveer 1975 het nog vier Afrikaanse kerkgenootskappe hulle in die Carletonville-omgewing gevestig. Hierdie periode na 1975 is ook deur die afstigting van nog gemeentes vanaf moedergemeentes gekenmerk. In 1988 het sowat 23 denominasies die munisipale gebied van Carletonville bedien. In hierdie stadium was die meeste Afrikaanstalig, en dit is 'n goeie aanduiding van watter taalgroep ook die plaaslike arbeidsmark gedomineer het.

Ten opsigte van die kerklike bedrywighede in die swart woonbuurt Khutsong net buite die Carletonvillese munisipale grense, is 'n soortgelyke tempo van gemeentevestiging as by die blanke kerkgenootskappe merkbaar. Blanke kerkgenootskappe het kort na die proklamering van Khutsong in 1958 erwe in die dorp bekom om op 'n gereelde basis eredienste te hou. Swart predikers vorm tans deel van hierdie bedieningsproses.

Anders as wat dit met die kerkgenootskappe die geval is, het **mediese dienste** nog vir jare nadat ekonomiese groei in die gebied al goed op dreef was, tekortgeskiet. Dit wil voorkom asof juis die gerusstellende feit dat daar teen 1964 reeds drie mynhospitale vir die destydse vier goudmyne in die gebied beskikbaar was, dit die oprigting van mediese geriewe vir die breë Carletonville-publiek in die proses vertraag het. Die enigste mediese dienste wat gedurende die periode 1948 tot 1964 tot stand gekom het om die dorpsbewoners se behoefte aan mediese sorg te verlig, is die Oranje Kraaminrigting (1958) en die Carletonville Mediese Kliniek (1964).

Op bovermelde twee instansies se bedrywighede het die grondverskuiwingskrisis in die jare sestig hoegenaamd nie 'n effek gehad nie. Dit het wel die Transvaalse Provinsiale-Administrasie rede gegee om eers 'n "wag-en-kyk-houding" in te slaan ten opsigte van Carletonville se toekoms as sentrum vir 'n provinsiale hospitaal. Uiteraard het dit verdere vertraging ten opsigte van mediese dienste meegebring.

In 1977 was die opening van die Sybrand van Niekerk-hospitaal en die Carletonville Kinderleidingkliniek in meer as een opsig 'n triomf vir Carletonville. Nie alleen het dit die seël van vertroue op die voortgesette ekonomiese ontwikkelingsproses binne die gebied geplaas nie, maar dit was ook tot voordeel van die bestaande diensorganisasies. Die gereelde finansiële steun van die sake- en die mynbousektor aan die aktiwiteite van diensorganisasies was wel in hierdie stadium skraler, sodat alle dienste nie voluit gelewer kon word nie.

Namate ekonomiese stabiliteit, gevolg deur 'n hoër lewenspeil, gedurende die laat-sewentiger en tagtigerjare in die Carletonville-gebied ingetree het, het nog diensorganisasies die fig gesien. Insiggewend egter ten opsigte van hierdie dienste was dat dit uit meer

professioneel toegeruste amptenare bestaan het. Dit is grotendeels daaraan toe te skryf dat die gemeenskap van Carletonville 'n hoër lewenspeil as tevore gehandhaaf het en gevolglik meer professionele dienste kon bekostig om die samelewing in stand te hou. Hieronder tel die gemeenskapsdienste van kerkgenootskappe, die Kamer van Mynwese se Barbara-Sentrum vir Persoonsontwikkeling sowel as die uitgebreide professionele maatskaplike afdeling van die SAVF-Oberholzer-tak.

Die SAVF-Oberholzer-tak se Projek 700 000 byvoorbeeld, wat die oprigting van behuising vir senior burgers in gedagte gehad het en wat in 1984 met onderskeiding afgehandel is, getuig van die professionaliteit en gemeenskapsbetrokkenheid waarmee die behoeftes van die samelewing in hierdie stadium vervul is. Die meeste professionele dienste in Carletonville het teen 1988 ook in die behoeftes en nood van die swart mense van die gebied voorsien.

Die oprigting van skole in die Carletonvillese munisipale area was byna tegelykertyd met die vestiging van goudmyne en 'n grootskaalse immigrasie na die gebied hoog in aanvraag. Die tempo van oprigting was so snel dat nege skole al gedurende die eerste dekade na ekonomiese ontplooiing, 1948-1958, in die gebied voorgekom het. Soos ten opsigte van die kerke was die Afrikaanstalige element ook by skole in die meerderheid.

Die opening van nog skole is dwarsdeur die sinkgatperiode gehandhaaf, alhoewel die aktiwiteite van enkele skole, soos Carleton Jones High en laerskole Dagbreek en Jongspan, wel tydelik deur die voorkoms van sinkgate ontwrig is. Hierna het 'n bloeiperiode vir die onderwys gevolg, met die opening van etlike Kleuterskole wat prominent uitstaan. Die toename van vroue tot die arbeidsmark gedurende hierdie gunstige periode kan waarskynlik as 'n verklaring vir die hoë getal kleuterskole wat geopen is, dien. Uiteraard het hierdie tendens ook nuwe werksgeleenthede geskep, wat die ekonomiese bedrywige persentasie van die plaaslike bevolking verstewig het.

Wat skole vir swart mense betref, is twee primêre skole in die sestigerjare in Khutsong opgerig. Sedert die dekade sewentig het die twee laerskole en hoërskool van die swart mynwoonbuurt Wedela ook in hierdie behoefte voorsien.

Die beskikbaarheid, skepping en beoefening van sport-, kulturele- en ontspanningsaktiwiteite is van meet of aan deur die plaaslike goudmyne oorheers. Fasiliteite en geriewe hiervoor is hoofsaaklik op myngrond geskep. Die skepping van soortgelyke fasiliteite in dorpe het gevolglik aanvanklik min aandag gekry.

Dit was die Apollo-koor en die Carletonville Playmakers wat in die jare vyftig-sestig op kulturele terrein die belangstelling gewek het, en die koor het selfs nasionale beroemdheid verwerf. Hierbenewens is 'n biblioteekdiens, wat in die veertigerjare op Blyvooruitzicht-myngrond verskaf is, vanaf 1950 in Carletonville ingestel.

In die sestigerjare is twee takke van die landswye Rapportryersorganisasie in Carletonville gestig. Dit het in hierdie stadium voorgekom asof Afrikaanstaliges in die gemeenskap hulle meer met kulturele aktiwiteite bemoei het. Laasgenoemde is 'n terrein wat deur die Engelssprekendes gedomineer is vanweë hulle posisie in die sakesektor en hul vermoë om die gemeenskap finansieel by to staan. Hierdie patroon het teen 1988, toe die derde Rapportryerstak van die gebied in Welverdiend gestig is, steeds nie veel anders daaruit gesien nie.

Sportgeriewe vir Carletonville het eers in die dekade sestig daadwerklik aandag ontvang toe die Gold Fields-Groep 'n groot ontspanningsklub laat bou het. Hierdie optrede van Gold Fields kan grotendeels toegeskryf word aan die feit dat Carletonville 'n skepping van die groep is, en dat die groep ook in die vryetydsbestedingsbehoeftes van sy mynwerkers, wat almal in Carletonville woon, wou voorsien.

'n Ander ontspanningsklub wat uniek aan Carletonville is, en wat in 1969 begin is, is die gewilde Rus-'n-Bietjie vir senior burgers. Die doel van die Hub was om meer ontspanningsgerigte aktiwiteite en geselllighede vir die senior burgers van die dorp te organiseer. Die skepping van meer gevorderde dienste vir die senior burgers het die klub in die tagtigerjare laat kwyn.

Wat die handhawing van wet en orde betref, het die dorpe Potchefstroom, Fochville en Welverdiend die Carletonville-gebied aanvanklik bedien. Hierdie toedrag van sake het die drie myne wat teen 1948 al in die omgewing gevestig was, nie erg geraak nie, aangesien elk oor sekuriteitskorps beskik het waarop hul kon reken. Carletonville is in 1953 van 'n polisiestasie voorsien, waardeur die handhawing van wet en orde in die nuwe ekonomiese bestel verseker is. Namate die gebied ekonomies ontplooi en die plaaslike bevolking daarmee saam toegeneem het, het die verpligtinge van die Carletonvillese polisie toegeneem. 'n Swak ekonomiese klimaat gedurende die sestigerjare het veroorsaak dat daar nie veel aandag aan die verdere ontwikkeling van die plaaslike polisiekorps bestee is nie. 'n Nuwe moderne polisiegebou is eers in 1974 in gebruik geneem, en dit het daartoe bygedra om vertroue in Carletonville te bevorder en sakelui sowel as die res van die gemeenskap meer gerus te stem.

Die ekonomiese ontploffing wat Carletonville vanaf 1937 en veral in die veertigerjare getref het, het nie onmiddellik 'n verandering in die grense van die Losberg-kiesafdeling, waarbinne die samelewing hul politiek al jarelank beoefen het, gebring nie. Namate die gemeenskap van Carletonville vergroot het, het die behoefte vir 'n eie kiesafdeling toegeneem. In 1966 is 'n kiesafdeling vir die munisipale gebied van Carletonville bepaal, met die vermaarde mnr. J.C. (Cas) Greyling (NP) as die eerste verkose Volksraadslid vir die gebied. Teen 1988 het mnr. P.J. (Arrie) Paulus (KP), ook voorsitter van die blanke Mynwerkersunie-vakbond, die Mine Workers Union, die polisie beklee. Dit is 'n aanduiding waar die politieke sentiment van die Carletonville-gemeenskap in hierdie stadium gele het.

Dus, in die geheel beskou, was die volgehoue bedrywighede van die Carletonvillese goudmynbedryf teen 1988 nog grotendeels die stukrag agter die plaaslike landbousektor, die nywerhede, die handel sowel as die kommunikasienetwerk wat elk op sy beurt ook invloedryk op die veelvuldige onontbeerlike gemeenskapsaktiwiteite ingewerk het.